University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)

# GESTALTSPELTERAPIE MET DIE ADOLESSENT IN 'N EGSKEIDINGSITUASIE:

## 'N MAATSKAPLIKE WERK PERSPEKTIEF

deur

ELIZABETH MAGRIETHA GROENEWALD

voorgelê ter vervulling van 'n deel
van die vereiste vir die graad

**MAGISTER ARTIUM**

in

**MAATSKAPLIKE WERK**
**(SPELTERAPIE)**

in die

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria

**STUDIELEIER: DR J P SCHOEMAN**

**PRETORIA** **AUGUSTUS 1997**

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



# DANKBETUIGINGS

*Graag wil ek hiermee my opregte dank en waardering teenoor die volgende, wat die voltooiing van hierdie studie moontlik gemaak het, betuig:*

- *My Hemelse Vader, wat my met Sy genade en liefde toegerus en in staat gestel het om hierdie studie te voltooi.*
- *Dr J P Schoeman, my studieleier, vir haar meelewende en bekwame begeleiding.*
- *My eggenoot vir sy voortdurende belangstelling en aanmoediging.*
- *Ek kyk in kinderoges van Lourense, Suné en Charné wat soms moes terugstaan vir mamma se studietyd.*
- *My ouers en sussie, Jenney, vir hul ondersteuning en aanmoediging gedurende my hele akademiese loopbaan.*
- *Kollegas vir hul ondersteuning en hulp tydens die uitvoering van hierdie navorsingstudie.*
- *Die personeel en leerlinge van Hoërskool Rosenhof vir hul deelname aan die navorsing.*
- *Mej Erika Dorman vir die tikwerk en Mev Suzette Botha vir die taalversorging van die skripsie.*

*Opgedra aan my kosbare gesin*

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)


# DANKBETUIGINGS

*Graag wil ek hiermee my opregte dank en waardering teenoor die volgende, wat die voltooiing van hierdie studie moontlik gemaak het, betuig:*

- *My Hemelse Vader, wat my met Sy genade en liefde toegerus en in staat gestel het om hierdie studie te voltooi.*
- *Dr J P Schoeman, my studieleier, vir haar meelewende en bekwame begeleiding.*
- *My eggenoot vir sy voortdurende belangstelling en aanmoediging.*
- *Ek kyk in kinderogies van Lourense, Suné en Chanté wat soms moes terugstaan vir mamma se studietyd.*
- *My ouers en sussie, Jenney, vir hul ondersteuning en aanmoediging gedurende my hele akademiese loopbaan.*
- *Kollegas vir hul onderskraging en hulp tydens die uitvoering van hierdie navorsingstudie.*
- *Die personeel en leerlinge van Hoërskool Rosenhof vir hul deelname aan die navorsing.*
- *Mej Erika Doman vir die tikwerk en Mev Suzette Botha vir die taalversorging van die skripsie.*

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)

# OPSOMMING

## GESTALTSPELTERAPIE MET DIE ADOLESSENT IN 'N EGSKEIDINGSITUASIE: 'N MAATSKAPLIKEWERK-PERSPEKTIEF

*deur*

**ELIZABETH MAGRIETHA GROENEWALD**

**STUDIELEIER: DR J P SCHOEMAN**

**DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK**
**M.A. (MW) SPELTERAPIE**

*Die navorsing handel oor die invloed van gestaltspelterapie op adolessente in egskeidingsituasies. Die doel van die studie was die benutting van gestaltterapie met adolessente in egskeidinsituasies, ten einde die invloed daarvan op die verwerking van die rouproses te verken.*

*Vier adolessente in egskeidingsitasies is deur middel van doelgerigte steekproefneming verkry uit die Landdrosgebied van Bloemfontein. Elke adolessent is deur middel van agt spelterapiesessies gelei om hul ouers se egskeiding te aanvaar. Deur onder andere verskeie vorme van spel tydens terapiesessies te benut kon elke adolessent se rouproses aangespreek word.*

*Daar is van die verkennende navorsingsontwerp gebruik gemaak, wat nie die formulering van hipoteses as 'n vereiste stel nie. Die navorser het egter aanbeveel dat die volgende hipotese vir verdere studie getoets kan word: "Indien die adolessent betrokke in 'n egskeidingsituasie gestaltspelterapie ontvang sal hy gouer tot die aanvaarding van die egskeiding tydens sy rouproses kom."*

*--ooOoo--*

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)

# *SUMMARY*


## *GESTALT PLAYTHERAPY WITH THE ADOLESCENT IN A DIVORCE SITUATION: A SOCIAL WORK PERSPECTIVE*

*by*

*ELIZABETH MAGRIETHA GROENEWAL*

*SUPERVISOR: DR J P SCHOEMAN*

*DEPARTMENT OF SOCIAL WORK*
*M.A. (SW) PLAYTHERAPY*

*Research has been done on the influence of gestalt playtherapy on adolescents in divorce situations. The purpose of the study was the use of gestalt playtherapy with adolescents in divorce situations, in order to determine its effect on the period of mourning.*

*Four adolescents in divorce situations were selected by means of purposeful test sampling in the Magisterial District of Bloemfontein. Each adolescent was assisted by means of eight gestalt playtherapy sessions to accept the divorce of his parents. By using various forms of play in the therapy sessions, each adolescent's period of mourning could be addressed.*

*The exploratory research model has been used which does not require the formulation of a hypothesis. The researcher however recommended that the following hyupothesis be tested for future study: "If the adolescent in a divorce situation is subjected to gestalt playtherapy his acceptance of the divorce of his parents and the period of mourning could be shortened."*


*--ooOoo--*

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



# INHOUDSOPGAWE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| **1.** | **ALGEMENE INLEIDING** | **1** |
| **1.1** | **INLEIDING EN MOTIVERING TOT DIE ONDERSOEK** | **1** |
| **1.2** | **PROBLEEMFORMULERING EN AFBAKENING VAN DIE STUDIE** | **1** |
| **1.3** | **DOEL VAN DIE STUDIE** | **3** |
| | 1.3.1 Doelstelling | 3 |
| | 1.3.2 Doelwitte | 3 |
| **1.4** | **FORMULERING VAN 'N STELLING** | **3** |
| **1.5** | **NAVORSINGSMETODOLOGIE** | **4** |
| | 1.5.1 Soort navorsing | 4 |
| | 1.5.2 Navorsingsontwerp | 4 |
| | 1.5.3 Universum en steekproef | 5 |
| | 1.5.4 Navorsingsprosedure en werkswyse | 5 |
| **1.6** | **METODE VAN ONDERSOEK** | **5** |
| | 1.6.1 Literatuurstudie | 5 |
| | 1.6.2 Empiriese ondersoek | 6 |
| **1.7** | **FAKTORE WAT DIE STUDIE BEVOORDEEL EN BEMOEILIK HET** | **6** |
| **1.8** | **DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE** | **7** |
| | 1.8.1 Gestaltspelterapie | 7 |
| | 1.8.2 Adolessensie | 8 |
| | 1.8.3 Rouproses | 8 |
| **1.9** | **INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG** | **9** |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)




| | | |
|---|---|---|
| **2.** | **GESTALTSPELTERAPIE** | **10** |
| **2.1** | **INLEIDING** | **10** |
| **2.2** | **DOELSTELLING VAN GESTALTTERAPIE** | **11** |
| **2.3** | **BEGINSELS IN GESTALTTERAPIE** | **11** |
| | 2.3.1 Holisme | 11 |
| | 2.3.2 Homeostase | 12 |
| | 2.3.3 Figuurvoorgrond | 12 |
| | 2.3.4 Bewustheid | 12 |
| | 2.3.5 Polariteite | 12 |
| | 2.3.6 Kontakgrens | 13 |
| | 2.3.7 Kontakgrensversteurings | 13 |
| | 2.3.7.1 Introjeksie | 13 |
| | 2.3.7.2 Projeksie | 13 |
| | 2.3.7.3 Retrofleksie | 14 |
| | 2.3.7.4 Defleksie | 14 |
| | 2.3.7.5 Samevloeiing | 14 |
| **2.4** | **WERKSWYSES IN GESTALTTERAPIE** | **14** |
| | 2.4.1 Semantiese opklarings | 14 |
| | 2.4.2 Die stel van vrae | 15 |
| | 2.4.3 "Topdog/underdog" | 15 |
| | 2.4.4 Die leë-stoeltegniek | 15 |
| | 2.4.5 Drome | 16 |
| | 2.4.6 Pendeltegniek | 16 |
| | 2.4.7 Roosboomtegniek | 16 |
| | 2.4.8 Die monsterbenutting | 17 |
| | 2.4.9 Hantering van aggressie | 18 |
| | 2.4.9.1 Bewustheid | 18 |
| | 2.4.9.2 Luister | 18 |
| | 2.4.9.3 Uitdrukking en behoud van negatiewe energie | 18 |
| | 2.4.9.4 Erkenning van gevoelens | 18 |
| | 2.4.9.5 Vra verskoning | 18 |
| | 2.4.9.6 Gee toestemming aan die kind om te kritiseer | 19 |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)




2.4.9.7 Uitdrukking van gevoelens 19
2.4.9.8 Bemagtig die kind 20
2.4.9.9 Selfvertroeteling 20
2.4.10 Selfkoestering 21
2.4.11 Projeksies 21

**2.5 TERAPEUTIESE VERHOUDING 22**
2.5.1 Verantwoordelikheid 23
2.5.2 Keuses 23
2.5.3 Beheer 24
2.5.4 Grense 24
2.5.5 Weerstand 26

**2.6 TERAPEUTIESE PROSES 28**
2.6.1 Kontakfunksies 28
2.6.2 Bou van die sin vir die self 28
2.6.3 Emosionele uitdrukking 29
2.6.4 Selfonderhouding en vertroeteling 30

**2.7 VORME VAN SPEL 31**
2.7.1 Gedramatiseerde spel 31
2.7.2 Skeppende spel 31
2.7.2.1 Kleiwerk 31
2.7.2.2 Tekeninge 32
2.7.2.3 Sand 35
2.7.2.4 Briewe 36
2.7.3 Bibliospel 36
2.7.3.1 Briewe 37
2.7.3.2 Padkaart 37
2.7.3.3 Gedigte 37

**2.8 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING 37**

**3. EGSKEIDING EN DIE ADOLESSENT 39**

**3.1 INLEIDING 39**

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



**3.2 IMPLIKASIES VAN 'N EGSKEIDING OP 'N ADOLESSENT SE ONTWIKKELING** 39
3.2.1 Egosentrisme 40
3.2.2 Empatie 40
3.2.3 Skeiding - individualisering 40
3.2.4 Oordeelsvermoë 41
3.2.5 Seksuele ontwikkeling 41
3.2.6 Selfbeeld 42

**3.3 DIE ADOLESSENT EN DIE ROUPROSES** 44
3.3.1 Stadiums in die rouproses: Kubler - Ross 45
3.3.1.1 Ontkenning 46
3.3.1.2 Fantaseer 46
3.3.1.3 Vrees en angs 46
3.3.1.4 Aggressie 47
3.3.1.5 Skuldgevoelens 48
3.3.1.6 Droefheid 49
3.3.1.7 Depressie 49
3.3.1.8 Hoop en onderhandeling 50
3.3.1.9 Aanvaarding 50
3.3.2 Fases in die rouproses: Parkes en Bowlby 50
3.3.2.1 Eerste fase: Gevoelloosheid 50
3.3.2.2 Tweede fase: Verlange 51
3.3.2.3 Derde fase: disorganisasie en wanhoop 51
3.3.2.4 Vierde fase: re-organisasie 51
3.3.3 Take in die rouproses: Worden 51
3.3.3.1 Om die realiteit van verlies te aanvaar 51
3.3.3.2 Om die pyn van die verlies te ervaar 52
3.3.3.3 Om aan te pas by 'n nuwe omgewing 52
3.3.3.4 Om emosionele energie te onttrek en dit in ander verhoudings te belê 53

**3.4 VLAKKE VAN EGSKEIDING EN DIE ADOLESSENT** 53
3.4.1 Emosioneel 53
3.4.2 Wetlik 54
3.4.3 Ekonomies 55

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)




| | | | |
|---|---|---|---|
| | 3.4.4 | Mede-ouerskap | 55 |
| | 3.4.5 | Gemeenskap | 56 |
| | 3.4.6 | Psigies | 56 |
| **3.5** | **TERREINE WAAROP DIE ADOLESSENT VERLIES ERVAAR** | | **56** |
| | 3.5.1 | Verlies van vertroue en geloof | 57 |
| | 3.5.2 | Verlies van die ouerlike eenheid | 57 |
| | 3.5.3 | Verlies van die moeder soos sy vóór die egskeiding was | 57 |
| | 3.5.4 | Verlies van die vader soos hy vóór die egskeiding was | 57 |
| | 3.5.5 | Verlies van die gemeenskap soos dit vóór die egskeiding was | 58 |
| | 3.5.6 | Verlies van die adolessent soos hy vóór die egskeiding was | 58 |
| | 3.5.7 | Verlies aan sekuriteit | 59 |
| **3.6** | **FAKTORE WAT DIE ROUPROSES VAN DIE ADOLESSENT VERGEMAKLIK** | | **59** |
| **3.7** | **SAMEVATTING** | | **62** |
| **4.** | **NAVORSINGSBEVINDINGE** | | **64** |
| **4.1** | **INLEIDING** | | **64** |
| **4.2** | **GEVALLESTUDIE 1: NELLIE** | | **65** |
| **4.3** | **GEVALLESTUDIE 2: RIETA** | | **71** |
| **4.4** | **GEVALLESTUDIE 3: SUSAN** | | **79** |
| **4.5** | **GEVALLESTUDIE 4: HEIN** | | **86** |
| **4.6** | **SAMEVATTING** | | **93** |
| **5.** | **SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS** | | **94** |
| **5.1** | **INLEIDING** | | **94** |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



| | | |
|---|---|---|
| 5.2 | EVALUERING VAN DOELSTELLING EN DOELWITTE | 94 |
| 5.3 | BEVINDINGE | 95 |
| 5.4 | AANBEVELINGS | 96 |
| 5.4.1 | Opleiding van gemeenskap | 96 |
| 5.4.2 | Ouerbegeleiding | 96 |
| 5.4.3 | Bemagtiging | 97 |
| 5.4.4 | Gestaltspelterapie tegnieke | 97 |
| 5.4.5 | Toesig en beheer | 97 |
| 5.4.6 | Toekomstige navorsing | 97 |
| 5.5 | SLOTOPMERKING | 98 |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



# LYS VAN TABELLE


| | | | BLADSY |
|---|---|---|---|
| TABEL 1.1 | : | NELLIE - BOU VAN DIE SIN VIR DIE SELF | 65 |
| TABEL 1.2 | : | NELLIE - EMOSIONELE UITDRUKKING | 66 |
| TABEL 1.3 | : | NELLIE - EMOSIONELE UITDRUKKING | 67 |
| TABEL 1.4 | : | NELLIE - EMOSIONELE UITDRUKKING | 68 |
| TABEL 1.5 | : | NELLIE - SELFONDERHOUDING EN -VERTROETELING | 69 |
| TABEL 1.6 | : | NELLIE - AFSLUITING | 70 |
| TABEL 2.1 | : | RIETA - BOU VAN DIE SIN VIR DIE SELF | 71 |
| TABEL 2.2 | : | RIETA - EMOSIONELE UITDRUKKING | 72 |
| TABEL 2.3 | : | RIETA - EMOSIONELE UITDRUKKING | 73 |
| TABEL 2.4 | : | RIETA - EMOSIONELE UITDRUKKING | 74 |
| TABEL 2.5 | : | RIETA - SELFONDERHOUDING EN -VERTROETELING | 75 |
| TABEL 2.6 | : | RIETA - AFSLUITING | 76 |
| TABEL 3.1 | : | SUSAN - BOU VAN DIE SIN VIR DIE SELF | 79 |
| TABEL 3.2 | : | SUSAN - EMOSIONELE UITDRUKKING | 80 |
| TABEL 3.3 | : | SUSAN - EMOSIONELE UITDRUKKING | 81 |
| TABEL 3.4 | : | SUSAN - EMOSIONELE UITDRUKKING | 82 |
| TABEL 3.5 | : | SUSAN - SELFONDERHOUDING EN -VERTROETELING | 83 |
| TABEL 3.6 | : | SUSAN - AFSLUITING | 84 |
| TABEL 4.1 | : | HEIN - BOU VAN DIE SIN VIR DIE SELF | 86 |
| TABEL 4.2 | : | HEIN - EMOSIONELE UITDRUKKING | 87 |
| TABEL 4.3 | : | HEIN - EMOSIONELE UITDRUKKING | 88 |
| TABEL 4.4 | : | HEIN - EMOSIONELE UITDRUKKING | 90 |
| TABEL 4.5 | : | HEIN - SELFONDERHOUDING EN -VERTROETELING | 91 |
| TABEL 4.6 | : | HEIN - AFSLUITING | 92 |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



# HOOFSTUK 1

## 1. ALGEMENE INLEIDING

### 1.1 INLEIDING EN MOTIVERING TOT DIE ONDERSOEK

In die eerste drie maande van 1997 is daar altesaam 405 huwelike in die Hoër Hof in die Vrystaat ontbind. Gedurende 1996 is daar altesaam 1 765 huwelike in dieselfde hof ontbind. Volgens statistieke blyk dit dat Februarie die gewildste skeimaand is (Coertzen, 1997:5). Hierdie is slegs syfers vir die Vrystaat, maar dit weerspieël die omvangryke probleme wat Suid Afrikaanse gesinne beleef.

Volgens die navorser beteken egskeiding rou. Daar moet afskeid geneem word van die bekende en 'n nuwe lewe moet begin word. Hierdie proses van afskeid neem, gaan gepaard met intense emosionele pyn. Pyn wat baie ouers nie kan verwerk nie, wat nog te sê van hul kinders. Die gevolge van 'n egskeiding is vir baie kinders traumaties en rampspoedig, veral vir die adolessent. Die meeste adolessente in 'n egskeidingsituasie ontwikkel probleme om die eise en verantwoordelikhede van jong volwassenheid te hanteer. 'n Huisgesin waar daar warmte, liefde en begrip is, is noodsaaklik om die adolessent voor te berei vir hierdie fase. Dit ontbreek gewoonlik na 'n egskeiding.

Die navorser is van mening dat wanneer 'n adolessent gestaltspelterapie ontvang om deur die rouproses te beweeg, 'n egskeiding nie so traumaties beleef word nie. Aanpassings in die volwasse wêreld kan ook vergemaklik word.

### 1.2 PROBLEEMFORMULERING EN AFBAKENING VAN DIE STUDIE

Alhoewel in 'n populêre tydskrif gepubliseer word die intense seer en verwarring wat 'n adolessent beleef na 'n egskeiding in 'n brief wat geskryf is aan Huisgenoot (1 Mei 1997:7) duidelik gereflekteer:

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



**"VERSKEUR DEUR MY OUERS**

Ek is 'n rugbybal. My ma is die blouspan, my pa is die rooispan.
Hul spel gaan oor wie vir my, in die hande kan kry om punte aan te teken.
Ek is die een wat oor die pale geskop word, die een waarmee 'n drie gedruk word.
Ek wonder wie het die laaste punt gekry? Rooi of blou?
Hoe kies jy tussen bloed en bloed? Hoe veroordeel jy as die Liewe Vader jou anders leer? Hoe stem jy saam as jy eintlik voel jou hele wese skree daarteen wanneer die een die ander beledig?
Hoe kies jy tussen die twee mense wat 'n deel het aan jou bestaan, wat jy die liefste op aarde het, ondanks wat hulle in die verlede gedoen het?
Hoe kies jy tussen pa en ma? Ek weet nie, ek is maar net die bal - 'n kind. **Net 'n kind, Boland."**

Volgens Van Staden (1987:192) beleef veral baie adolessente 'n egskeiding pynlik en ontwrigtend en word dit vererger deur realistiese en onrealistiese vreesgevoelens. Die skrywers Goldman & King (1985:282) en Forehand, Long & Brody (1988:157) meen dat jonger kinders makliker aanpas en minder probleme het as adolessente. Die ouer-kindverhouding ondergaan groot veranderinge gedurende adolessensie. Die adolessent raak meer onafhanklik, verkry outoriteit met betrekking tot besluitneming en verkry vryheid om in en uit die gesinsisteem te beweeg. Hierdie "normale" veranderinge gedurende adolessensie en die spanning wat daarmee gepaard gaan, verskerp die negatiewe effek van 'n egskeiding.

Die adolessent het, net soos die volwassene, baie introjekte wat sy gevoelens oor homself beïnvloed. Hy het baie gevoelens, herinneringe en fantasieë van die verlede wat hom affekteer. Die adolessent het daarom bystand nodig om sy gevoelens van angstigheid, eensaamheid, frustrasie, vrees en seksuele verwarring uit te spreek (Oaklander, 1988:291).

Volgens die navorser toon bogenoemde standpunte van skrywers die noodsaaklikheid aan dat 'n adolessent in 'n egskeidingsituasie terapeuties bygestaan moet word om die egskeiding te verwerk. Ten einde die egskeiding te verwerk, gaan die adolessent deur 'n rouproses.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



## 1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

In die lig van die probleemstelling word daar vervolgens aandag gegee aan die doelstelling en doelwitte wat beplan word vir die studie.

### 1.3.1 Doelstelling

Die benutting van gestaltspelterapie met adolessente in 'n egskeidingsituasie, ten einde die invloed hiervan op die verwerking van die rouproses te verken.

### 1.3.2 Doelwitte

Die volgende doelwitte is geïdentifiseer ten einde bogenoemde doelstelling te bereik:

* Om 'n literatuurstudie te doen van gestaltspelterapie, sodat die navorser oor voldoende kennis en vaardighede kan beskik vir die praktiese gevallestudies in die navorsing.
* Om 'n literatuurstudie te doen van die adolessent en sy rouproses ná 'n egskeiding, sodat die navorser voldoende kennis kan hê om in samevloeiing te kan wees met die respondente in die studie.
* Om deur middel van 32 gevallestudies vier adolessente in 'n egskeiding aan gestaltspelterapie bloot te stel, sodat die invloed hiervan op die verwerking van die rouproses verken kan word.
* Om na aanleiding van die gevallestudies gevolgtrekkings en aanbevelings oor die benutting van gestaltspelterapie met die adolessente in 'n egskeidingsituasie te maak.

## 1.4 FORMULERING VAN 'N STELLING

'n Hipotese is nie vir die studie geformuleer nie, omdat die navorser die verkennende navorsingsontwerp gebruik het. Hipoteses vir verdere navorsing word na afloop van die studie ontwikkel (Hofmeyr, 1996:4). Slegs 'n stelling sal in hierdie ondersoek gemaak word.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



Die volgende stelling is vir hierdie verkennende ondersoek geformuleer:

"Indien die adolessent betrokke in 'n egskeidingsituasie gestaltspelterapie ontvang sal hy gouer tot die aanvaarding van die egskeiding tydens sy rouproses kom."

## 1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Daar word vervolgens gekyk na die navorsingsmetodologie wat in hierdie ondersoek benut en geïmplimenteer is.

### 1.5.1 Soort navorsing

Toegepaste navorsing word vir die doeleindes van die studie benut. Toegepaste navorsing volgens Bloom (1986:56) "seeks to develop principles that enable people to resolve problems or to obtain desired objectives. The question here is how to make things work for human betterment. The overall emphasis is on knowledge for use, with the implication that values are much involved in the entire process from the beginning to end."

Die navorser het dus met die navorsing praktiese aanbevelings gemaak om die rouproses van die adolessent te vergemaklik. Praktiese riglyne is ook neergelê om deur middel van gestaltspelterapie die adolessent te begelei deur die rouproses.

### 1.5.2 Navorsingsontwerp

Die verkennende ontwerp was in hierdie studie gebruik, omdat min kennis, navorsing en literatuur rakende die onderwerp bestaan. Volgens Collins (1985:20) is die verkennende ontwerp die voorhandliggende ontwerp waar min inligting oor 'n verskynsel beskikbaar is.

Grinell en Williams (1990:140) se standpunt volgens die verkennende onderwerp is die volgende: "If we do not know much to begin with - since research is a step-by-step process building on the result of the previous work - we will not expect our study to provide anything more than a low level of knowledge. The idea of an exploratory research study is to explore, nothing more - nothing less. We use exploratory designs when little is known in our research area and all we want to do is make a beginning

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



study. We will not come up with statistically sound data or conclusive results, we do not intend to. We only want to build a foundation of general ideas and tentative theories which can be explored more rigorously later on."

### 1.5.3 Universum en steekproef

Uit die Landrosgebied van Bloemfontein is vier adolessente uit die wit kultuur betrek. Hul ouderdomme het gewissel tussen twaalf en agtien jaar.

### 1.5.4 Navorsingsprosedure en werkswyse

In hierdie studie is gebruik gemaak van waarneming met gekontroleerde stimuli. Volgens Smit (1983:69) "poog die navorser om onder gekontroleerde toestande inherente kenmerkende eienskappe van individue waar te neem".

Die werkswyse wat geïmplimenteer is om inligting te bekom, het plaasgevind deur middel van gevallestudies. Smit (1983:47) konstateer dat "die gevallestudie essensieel ontdekkend van aard is, dit fokus op 'n intensiewe studie van die individuele geval, sy lewensgeskiedenis, huidige gevoelens, gedagtes en gedragspatrone en op die veelheid van interaksies tussen al die onafhanklike veranderlikes".

## 1.6 METODE VAN ONDERSOEK

### 1.6.1 Literatuurstudie

'n Grondige literatuurstudie wat die bestudering van ander vakdissiplines insluit, is gedoen oor die volgende hoofkonsepte in die studie:

* gestaltterapie
* vorme van spel wat benut kan word in gestaltterapie
* die adolessent in 'n egskeidingsituasie en sy rouproses

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



### 1.6.2 Empiriese ondersoek

Vir die doel van die navorsing is vier adolessente deur middel van doelgerigte steekproefneming in die studie betrek. Al vier adolessente het vrywillig aangemeld vir terapie. Dit was tot voordeel van die navorsing, omdat hul reeds gemotiveerd was om betrokke te raak by terapie.

Deur verskeie vorme van spel te benut, is die adolessente begelei deur die terapeutiese proses: assessering en bou van 'n vertrouensverhouding, sensoriese kontakmaking, sin vir die self, emosionele uitdrukking, selfonderhouding en -vertroeteling en laastens afsluiting.

Elke adolessent is deur middel van agt gestaltspelterapiesessies gelei om hul ouers se egskeiding te aanvaar. Elkeen se rouproses is dus aangespreek in die terapie.

## 1.7 FAKTORE WAT DIE ONDERSOEK BEVOORDEEL EN BEMOEILIK HET

Daar bestaan min bronne oor gestaltspelterapie. Verskeie vakdissiplines moes in die literatuurstudie geraadpleeg word ten einde gestaltspelterapie duidelik te omskryf en te bespreek.

Die navorser het aanvanklik beplan om respondente uit FAMSA se gevallelading te kry, aangesien die navorser as maatskaplike werker in diens van FAMSA is. Die navorser moes egter ontdek dat, in die tydperk van twee jaar dat sy in diens van FAMSA is, daar slegs een adolessent uit 'n egskeidingsituasie aangemeld het vir terapie. Dit is duidelik dat adolessente nie maklik vir terapie aanmeld nie. Een van die redes is dat die adolessent, soos die volwassene, reeds 'n inspraak in sy keuse het of hy vir terapie wil gaan of nie, aldus die navorser. NG-predikante uit ongeveer ses gemeentes is genader vir respondente, maar sonder sukses. 'n Probleem in die studie was dus om respondente te verkry.

'n Sielkundige by Rosenhof Hoërskool, 'n nywerheidskool in Bloemfontein, het die navorser voorsien van drie respondente nadat sy motiveringswerk gedoen het onder enkele leerlinge. Die ander respondent was 'n seun van 'n egpaar wat egskeidingsberaad ontvang het by die navorser se privaatpraktyk.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



Die adolessente moes dus deeglik gemotiveer word om betrokke te raak by die navorsing. 'n Voordeel was dat die respondente wat betrokke wou raak, dit vrywillig gedoen het en ontvanklik was vir terapie.

## 1.8 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

### 1.8.1 Gestaltspelterapie

Die navorser kon geen bron vind waar gestaltspelterapie gedefinieer word nie, daarom word die konsep opgebreek ter verduideliking.

Die skrywers Gouws *et al.* (1979:104) omskryf gestalt soos volg: "'n Geheel wat 'n sekere mate van struktuur besit, wat meer as die som van sy dele is en wat transpordeerbaar is, dit wil sê dit bly herkenbaar selfs al word die samestellende dele vervang, solank die verhouding tussen die dele behoue bly." Daar word verder deur Owen (1978:40) beklemtoon dat gestalt 'n leefwyse en 'n bepaalde oriëntering tot die lewe is. Die skrywer beskou dit as 'n lewensfilosofie - 'n manier van doen en wees in die bereiking van 'n groter bewustheid ten opsigte van die self en die wêreld. Ter aansluiting hierby word gestaltterapie deur Meyer en Salman (1983:106) as 'n vorm van psigoterapie omskryf waar daar op die onmiddellike gefokus word en waartydens die individu tot bewuswording van die self en tot insigontwikkeling gelei kan word.

'n Model in gestaltterapie is deur Buber in Schoeman en Van der Merwe ontwikkel wat genoem word "healing through meeting. Healing here refers to a restoring of wholeness, with the full engagement taking place in the here and the now. Therefore the I - Thow relationship is very important."

Spelterapie word deur Welsis (1991:27) omskryf as 'n psigoterapeutiese metode wat gebaseer is op psigodinamiese en ontwikkelingsbeginsels wat ten doel het om emosionele nood van jong kinders te help verlig deur die benutting van 'n verskeidenheid verbeeldingryke en ekspressiewe spelmateriaal soos handpoppe, klei, kunsmateriaal en miniatuurvoorwerpe. Volgens McMahon (1992:1) is spel 'n spontane, aktiewe proses waartydens denke en emosies gestimuleer word sonder vrees vir mislukking of noodlottige gevolge.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



Gestaltspelterapie is dus 'n vorm van psigoterapie wat op die onmiddellike fokus. Die doel hiervan is om die kind te help om ooreenkomstig sy behoeftes en vermoëns, in totaliteit tot 'n meer optimale interaksie met homself en sy omgewing te kan kom, deur verskeie spelmateriaal te benut wat die denke en emosies van die kind stimuleer sonder vrees vir mislukking.

### 1.8.2 ADOLESSENSIE

Volgens Sebald (1984:4) word adolessensie gedefinieer as "to grow into maturity". Die skrywer Miller (1983:3) definieer adolessensie as "a process of adaptation to puberty".

Volgens Papalia & Olds (1978:259) begin adolessensie op 12/13 jaar. Om die einde van adolessensie te bepaal is moeilik. Intellektuele volwassenheid word bereik wanneer 'n persoon abstrak kan dink. Sosiale volwassenheid beteken wanneer iemand selfonderhoudend kan wees en trou. Wettige volwassenheid tree in werking wanneer die persoon op 18 jaar kan stem. Sielkundige volwassenheid word bereik wanneer iemand sy eie identiteit ontdek, onafhanklik van sy ouers raak, 'n stel waardes ontwikkel en in staat is om volwasse verhoudings van vriendskap en liefde te kan opbou.

Adolessensie is dus 'n ontwikkelingstadium waardeur volwasse eienskappe aangeleer en bereik word.

### 1.8.3 Rouproses

Volgens De Klerk in Ferreira (1983:11) is die rouproses prosesmatig. Dit word gekenmerk deur vordering en agteruitgang. Die fases in die proses kan nie in geslote kompartemente verdeel word nie. 'n Omskrywing van die rouproses word deur Ferreira (1983:11) soos volg gegee: "Die proses word gekenmerk deur definitiewe fases vanaf skok tot heraanpassing waardeur die treurende beweeg om sodoende as heraangepaste op sy verskillende lewensterreine te kan funksioneer. Hierdie proses verteenwoordig 'n verskeidenheid van belewenisse, gevoelens en ervarings op al die vlakke van die treurende se menswees en deur 'n gemiddelde tydperk van twaalf tot vier en twintig maande."

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



## 1.9 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag bestaan uit vyf hoofstukke. Die eerste hoofstuk is die algemene inleidende hoofstuk. Die motivering vir die keuse van die onderwerp, die probleemformulering, die doel van die studie en die navorsingsmetodologie word bespreek.

In hoofstuk 2 word daar gefokus op gestaltspelterapie. Daar word gelet op die beginsels, werkswyses, terapeutiese verhouding en terapeuteiese proses in gestaltterapie. Vorme van spel word uitgewys wat aangewend kan word in gestaltterapie.

In hoofstuk 3 word aandag gegee aan die implikasies wat 'n egskeiding op 'n adolessent se ontwikkeling het, verliese wat die adolessent beleef, sy rouproses in egskeiding asook faktore wat die rouproses minder traumaties kan maak.

In hoofstuk 4 word die 32 gevallestudies beskryf. Groei of weerstand wat die adolessente gehad het, word uitgelig en die interpretasie van die bevindings word weergegee.

Hoofstuk 5 is die samevatting van die navorsingsverslag. Gevolgtrekkings en aanbevelings wat spruit uit die studie, is gedoen.

'n Bibliografie word laastens by die verslag aangeheg.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



# HOOFSTUK 2

## 2. GESTALTSPELTERAPIE

### 2.1 INLEIDING

Daar is verskeie benaderings waarvolgens spelterapie gedoen kan word. Die navorser het besluit om gestaltterapie as 'n benadering te benut omdat veral maatskaplike werkers dié terapie met gemak kan benut. Met gestaltterapie word daar gefokus op dit wat in die hier en nou gebeur en daar hoef dus nie op die onderbewuste gefokus te word nie.

Volgens Harman (1989:4) is die essensie van gestaltterapie die "ek-jy-verhouding in die hier en nou". Die skrywer noem dat gestaltterapie in die eksistensiële humanistiese kamp gevestig is omdat die mens beskou word as 'n basies sterwende, groeisoekende, selfregulerende en selfbevestigende organisme.

Die woord "gestalt" verwys na 'n geheel. Volgens die gestaltbenadering is gedrag 'n dinamiese geheelpatroon. Die geheel is meer as die som van sy dele. Die mens is as 'n geheel betrokke by 'n situasie en die hele situasie beïnvloed die mens. Die menslike bestaan funksioneer dus as 'n geheel. (Vergelyk Aronstam, 1989:631; Van Rooyen & Combrink, 1990:49 en Brammer & Shostrom, 1968:57-59).

Die skrywer Corey (1995:293) konstateer dat die mens volgens die gestaltbenadering verantwoordelik is vir sy eie konflikte en die vermoë het om sy eie probleme op te los. Die gestaltbenadering is dus nie-interpreterend; die kliënt moet sy eie interpretasies en stellings maak. Daar word gefokus op dit wat die klënt op daardie oomblik ervaar. Gestaltterapeute is aktief betrokke en hul gebruik 'n verskeidenheid tegnieke om die kliënt se gevoelens en ervarings te versterk. Volgens die navorser bring die terapeut die kliënt in kontak met dit wat hy emosioneel ervaar. Gevoelens wat moontlik vir baie jare onderdruk is.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



## 2.2 DOELSTELLINGS VAN GESTALTTERAPIE

Volgens Perls in Thompson & Rudolph (1992:113) is die sentrale doel van gestaltterapie die verdieping van die kind se sin van bewustheid, sodat die kind hierdeur begelei kan word om sy lewe ten volle in die hier en nou te ervaar. Die maatstaf vir sukses tydens gestaltterapie is om waar te neem tot watter mate die kliënt gegroei het in sy bewustheid, die neem van verantwoordelikheid ten opsigte van sy dade en die skuif van omgewingsteun na selfsteun.

Terapeutiese doelstellings van gestaltterapie word volgens Corey (1990:319-320) soos volg weergegee:

* Integrasie van polariteite in die self.
* Om kontak met die self en ander te bewerkstelling.
* Selfstandigheid in plaas van afhanklikheid.
* Om die kliënt bewus te maak van wat hy in die hier-en-nou ervaar, beleef, fantaseer en voel.
* Om die kliënt te help om sy eie grense met helderheid te definieer.
* Om insig in aksie te omskep.
* Om dié selfinsig op te volg met kreatiewe eksperimentering.

## 2.3 BEGINSELS IN GESTALTTERAPIE

### 2.3.1 Holisme

Volgens Aronstam (1989:633) beskou Perls die mens as 'n geïntegreerde organisme wat altyd as 'n eenheid funksioneer, maar nie sonder sy omgewing kan bestaan nie. Soos wat die mens sy fisieke omgewing nodig het vir die verkryging van suurstof, water, voedsel en ander lewensmiddele, het hy ook sy sosiale omgewing nodig vir die vervulling van liefde, vriendskap en ander sosiale behoeftes. Fundamenteel is die mens 'n biologiese organisme en is hy onderworpe aan dieselfde prosesse wat alle lewende organismes reguleer.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



### 2.3.2 Homeostase

Volgens Oaklander (1994:143) beskryf Perls homeostase soos volg: "All life and all behaviour are governed by the process which scientists call homeostasis, and which layman calls adaptation. The homeostatic process is the process by which the organism satisfies its needs."

### 2.3.3 Figuurvoorgrond

Volgens Aronstam (1989:633) is 'n gesonde organisme altyd in staat om aandag te gee aan die mees dominante behoefte. Hierdie dominante behoefte is die voorgrondfiguur totdat dit bevredig is, daarna verskuif dit na die agtergrond. Sodra die proses voltooi is, kom die volgende behoefte weer na vore. Elke behoefte versteur die balans en daarom is die proses van homeostase 'n kontinue proses.

### 2.3.4 Bewustheid

Ervarings volgens Oaklander (1994:146) is die sleutel tot bewustheid. 'n Belangrike komponent van die terapeutiese proses is om aan die kind 'n verskeidenheid ervarings te verskaf.

Om effektief in sy omgewing te bly, moet die mens voldoende vlakke van bewustheid hê in areas van liggaamstruktuur, beweging, sintuie, gevoelens, denke en fantasie. Die mens vertrou op sy sintuie van sien, proe, hoor, tas en ruik om homself te oriënteer ten opsigte van sy omgewing. Om homself uit te druk in die omgewing en om sy behoeftes te bevredig, gebruik hy sy stem en bewegings. Die mens moet dus in kontak met die self en die omgewing in die hede wees (Passons, 1975:74).

### 2.3.5 Polariteit

Volgens Oaklander (1988:157) werk sy altyd in polariteite met die kind. Dit is veral die jong kind wat verward raak wanneer hy besef dat hy kwaad is vir iemand vir wie hy eintlik lief is. Integrasie van 'n persoon se polêre kant, positief en negatief, is noodsaaklik vir 'n dinamiese en gesonde lewensproses.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



Deur met kinders te gesels oor teenoorgesteldes in gevoelens soos liefde/haat, geluk/hartseer, goed/sleg raak die kind gewoond aan die konsep van polariteite as deel van sy persoonlikheid. (Vergelyk Oaklander, 1988:158 en Schoeman & Van der Merwe, 1996:168.)

### 2.3.6 Kontakgrens

Die mens onderskei hom van sy omgewing deur sy egogrens - dit wat binne (deel van) en buite (nie deel van, vreemd vir) die organisme is. Deur hierdie grens ontwikkel die mens sy identiteit. Die grens moet egter deurdringbaar wees sodat daar toepaslike uitruiling tussen die organisme en sy omgewing kan wees. Twee belangrike komponente van die egogrens is identifikasie en vervreemding. Identifikasie is die proses waardeur die mens kan onderskei tussen wat sy eie is en vervreemding, dit wat nie deel van hom is nie. Wanneer die grens te rigied is, vind daar isolasie plaas en wanneer dit te vaag is, vind daar ineenvloeiing met die omgewing plaas (Aronstam, 1989:643).

### 2.3.7 Kontakgrensversteurings

Volgens Oaklander (1994:144) inhibeer, blokkeer, onderdruk en beperk die kind sy sintuie, liggaam, emosies en intellek om te kan oorleef. Hierdie beperkinge word kontakgrensversteurings genoem. Die volgende kontakgrensversteurings word onderskei:

#### 2.3.7.1 Introjeksie

Die kind het nie die volwassenheid om te diskrimineer met betrekking tot boodskappe wat hy oor homself hoor nie. Etikette soos "dom" en "lelik" word aanvaar en sy eie gemaak. Hierdie introjeksies vernietig sy gevoel van die self, selfbeeld en selfagting (Oaklander, 1994:145).

#### 2.3.7.2 Projeksie

Kinders sal leuens vertel en dit dan ontken omdat hul egokragte te min is om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul gedrag. Ander word geblameer vir eienskappe in die persoonlikheid. Kinders beleef dat dit te moeilik of gevaarlik is om hul

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



gevoelens te besit. Hulle sal byvoorbeeld sê "my pa is altyd kwaad vir my" in plaas van "ek is baie kwaad vir my pa" (Oaklander, 1994:145).

#### 2.3.7.3 Retrofleksie

Dit is kritiek teen die self. Isolasie of onttrekking vind plaas en die gevolg is vrees om emosies na buite te rig. (Vergelyk Corey, 1990:326 en Thompson & Rudolph, 1992:111.)

#### 2.3.7.4 Defleksie

Wanneer 'n persoon nie aan 'n probleem of belewenis wil werk nie, deflekteer of kants hy die probleem weg. Probleme kan byvoorbeeld deur oordrewe humor, abstrakte veralgemenings en vrae in plaas van stellings ontken word. (Vergelyk Corey, 1990:326 en Thompson & Rudolph, 1992:112.)

#### 2.3.7.5 Samevloeiing

Dit is 'n proses waar die persoon se grense te vaag en deurdringbaar is. So 'n persoon stel ander tevrede ten koste van homself. Wanneer 'n kind byvoorbeeld herhaaldelik seksueel gemolesteer word, ontwikkel hy 'n apatiese houding en kan hy nie meer onderskei tussen pyn en plesier nie. Die kind laat hom misbruik en weet nie hoe om selfgeldend op te tree nie. Die teenpool van samevloeiing is rigiede rasionalisering en gebrek aan buigsaamhied. (Vergelyk Corey, 1990:327 en Thompson & Rudolph, 1992:112.)

## 2.4 WERKSWYSES IN GESTALTTERAPIE

### 2.4.1 Semantiese opklarings

Met semantiese opklarings word die kliënt bewus gemaak van sy spraakpatrone. "Dit-" en "jy-stellings" word vervang deur "ek-stellings". "Waarom" word vervang met "wat" en "hoe". Vrae word in stellings omskep en "kan nie" word vervang met "wil nie". Hierdeur aanvaar die kliënt verantwoordelikheid vir sy besluite en gedrag (Corey, 1995:307-308).

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



### 2.4.2 Die stel van vrae

Volgens Aronstam (1989:641-642) word vrae gevra wat die kliënt help om op die bewuste te fokus. Daar is veral vyf tipe vrae wat gevra word: Wat is jy besig om te doen? Wat wil jy hê? Wat voel jy? Wat verwag jy? Wat vermy jy? Die terapeut moet dus aktief waarneem wat op die oppervlak van kontak plaasvind aangesien "everything the patient does, obvious or concealed, is an expression of the self".

### 2.4.3 "Topdog/underdog"

Die "topdog" is regverdig, in beheer en hy weet die beste. Die "topdog" werk altyd met dit wat jy moet doen. Die "underdog" manipuleer deur verdedigend en apologeties te wees. Die "underdog" werk met dit wat jy wil doen, is slinks en is gebaseer op die plesierbeginsel (Thompson en Rudolph, 1992:115).

Twee leë stoele kan benut word waar die kind 'n dialoog voer. Die kind wissel persoonlik tussen die twee stoele en neem elke keer die "ek wil" en "ek moet" redenasie in, afhangende van die stoel waarop hy sit. Hierdeur vind integrasie plaas (Phares, 1984:421).

### 2.4.4 Die leë-stoeltegniek

Tydens die tegniek plaas die kind enige persoon of onvoltooidhied van homself denkbeeldig in die leë stoel. Hierna tree die kind in gesprek met wie of wat hy in die leë stoel geplaas het. Wanneer die kind die gesprek voltooi en ontlaai het, ruil hy rolle om deur op die ander stoel te gaan sit. Die kind neem dus nou die rol in met wie of wat hy konflik het. Konflik tussen hom en ander of innerlike konflik word hierdeur uitgesorteer. Onafgehandelde sake word na die hede gebring en die tegniek bewerkstellig groter bewustheid en integrasie. (Vergelyk Louw, 1990:642; Thompson & Rudolph, 1992:116; Oaklander, 1988:151 en Owen, 1978:68.)

Volgens die navorser sal die tegniek veral goed werk met groter kinders wat innerlike konflik beleef as gevolg van 'n swak selfbeeld. In die proses word die kind jammer vir die dele van homself wat hyself afbreek en dit bewerkstellig selfonderhouding.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



### 2.4.5 Drome

Die skrywer Oaklander (1988:145) is van mening dat drome 'n eksistensiële boodskap is van jouself aan jouself vir watter dele ook al luister. Deur drome druk kinders hul angs en bekommernisse uit. Dit kan ook dui op mense, behoeftes, fantasieë, vrae en houdinge.

Drome is 'n bruikbare tegniek in gestaltterapie, aangesien geen direkte manipulasie plaasvind nie. Die terapeut analiseer dus nie die droom nie, maar lei die kind tot integrasie van polariteite en 'n onvoltooide gestalt. Die hier en nou van die droom is belangrik asook die kind se neem van verantwoordelikheid vir die droom. (Vergelyk Louw, 1990:642; Owen, 1978:69; Thompson & Rudolph, 1992:118 en Phares, 1984:421.)

### 2.4.6 Pendeltegniek

Die tegniek word benut om angstige kliënte te laat pendel tussen hul asemhaling en spiere, en tussen spiere en asemhaling. Die kliënt raak hierdeur bewus van die verhouding tussen die twee. Die gevolg is dat hy gemakliker asemhaal en meer ontspanne is. Bewustheid en integrasie is weer eens die hoofdoel van die pendeltegniek (Aronstam, 1989:643).

Volgens die navorser hoef die tegniek nie net by angstige persone benut te word nie, maar die kind kan ook na sy veilige plek pendel en selfkoestering beleef.

### 2.4.7 Roosboomtegniek

Deur die roosboomtegniek te benut word die kind op 'n fantasie geneem. Die kind maak sy oë toe en verskeie vrae kan aan hom gestel word: Wat se soort roosboom is jy? Is jy groot of klein? Is jy lank of vet? Indien jy blomme het, is daar baie en wat is die kleur daarvan? Is jou blomme oop of toe? Hoe lyk jou blare, stam, takkies en wortels? Waar staan jou roosboom? Wat is rondom jou roosboom? Is daar ander bome, mense, diere of voëls? Hoe oorleef jy? Hoe lyk die weer op hierdie oomblik?

Die kind word hierna gevra om sy roosboom te beskryf in die teenwoordige tyd. Die kind word gevra of enige iets van die roosboom ooreenstem met sy lewe. (Vergelyk

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



Oaklander, 1988:32-33 en Rayn & Walker, 1993:52.)

Wanneer die roosboom benut word, kry die terapeut 'n goeie idee van hoe die kind oor homself voel. 'n Klein trietsige boompie toon gewoonlik min innerlike krag. Onvoltooidhede word ook na die voorgrond gebring, aldus die navorser.

### 2.4.8 Die monsterbenutting

Volgens Schoeman in Schoeman en Van der Merwe (1996:68) word onvoltooidhede "monsters" in kinders se lewens. Kinders word gevra om monsters in hul lewens te identifiseer. 'n Paar getekende monsters met hul beskrywings word soms aan die kind voorgehou om hom 'n idee te gee van hoe 'n monster kan lyk.

Die navorser stem met bogenoemde saam, maar nie met die idee dat die beskrywings van die monsters soms gegee word nie. Dit is die navorser se ondervinding dat kinders een van die beskrywings van die monsters kies om weer te gee. Dit is dus nie noodwendig dan 'n onvoltooidheid op die kind se figuurvoorgrond nie.

Die volgende stappe word gevolg wanneer die monster benut word (Schoeman & van der Merwe, 1996:69):

* Die kind moet 'n monster skep wat in sy lewe teenwoordig is.
* 'n Gesprek word met die kind begin en die volgende vrae word gevra:
  - Hoe lank bestaan die monster al?
  - Is daar ander mense wat weet van die bestaan van die monster?
  - Is daar iets van die monster wat jou bang maak?
  - Is die kind bereid om die monster in sy lewe te hê en daarmee saam te lewe?
  - Het die monster 'n naam?
  - Hoe oud was die kind toe hy die monster gekry het?
  - Is dit moontlik om die gevoelens in verband met die monster te teken of te maak met klei?
  - Vra die kind om met die monster te praat. Die leë stoeltegniek kan dan hierby aansluit.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



### 2.4.9 Hantering van aggressie

'n Model om aggressie te hanteer is ontwikkel deur Schoeman in Schoeman en Van der Merwe (1996:175-180):

#### 2.4.9.1 Bewustheid

* Maak die kind sensories bewus van sy liggaam sodat hy bewus kan word van onderliggende gevoelens.
* Moedig die kind aan om daaroor te praat - gee 'n naam vir die aggressie.
* Indien die kind nie kan praat nie, benut spelaktiwiteite.
* Vra aan die kind waar in sy liggaam ervaar hy die aggressie ervaar. Byvoorbeeld: Kan jy dit 'n naam gee? Waar kom dit vandaan? Wat voel jy op die oomblik? Hoe voel dit in jou liggaam? Hoe wil jy uitdrukking daaraan gee?

#### 2.4.9.2 Luister

* Luister aandagtig na die kind en gee geleentheid om al sy gevoelens te ontlaai.
* Let op na verbale en nie-verbale boodskappe.
* Bepaal die rede vir aggressie.

#### 2.4.9.3 Uitdrukking en behoud van negatiewe energie

* Ondersteun die kind om sy negatiewe gevoelens te ontlaai.
* Die kind moet gevoel besit. Semantiese opklaring: "Ek voel woedend".
* Gee geleentheid om dit positief te kanaliseer.

#### 2.4.9.4 Erkenning van gevoelens

* Som op wat die kind gesê het en reflekteer dit.
* Wys dat jy verstaan.

#### 2.4.9.5 Vra verskoning

* Terapeut vra opreg verskoning vir die ongerief en hartseer wat die kind ervaar as gevolg van die aggressie. Volgens die navorser noem kinders soms aan die terapeut dat hy nie bekommerd hoef te wees nie, aangesien dit nie sy skuld is

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



nie. Die kind kry egter hierdeur 'n gevoel dat die terapeut begrip het vir hom.

#### 2.4.9.6 Gee toestemming aan die kind om te kritiseer

* Gee toestemming aan die kind om alle negatiewe gevoelens uit te spreek.
* Die kind leer hierdeur dat aggressie en woede normaal is en dat hy nie daarvoor skuldig hoef te voel nie.
* Werk altyd in polariteite.

#### 2.4.9.7 Uitdrukking van gevoelens

Gee aan die kind 'n keuse om sy gevoelens uit te druk, byvoorbeeld met sand of klei. Die kind leer hierdeur gesonde alternatiewe wyses aan. Met die leë-stoeltegniek word polariteite effektief hanteer. Twee konfliksituasies word na die oppervlak gebring en konfronteer mekaar. Die "hot chair" is waarin die kind sit. Die "empty chair" word 'n entjie van die kind geplaas. Die terapeut hoef nie 'n doel te hê nie. Gee die kind die geleentheid om te ontlaai. In hierdie stadium moet die kind sy aggressie besit.

Die volgende drie stadiums word onderskei met die leë-stoeltegniek:

* Eerste stadium
  Daar moet by beide partye konflik aanwesig wees. Dit moet iemand se skuld wees.
  - Onvoltooidhede word opgeklaar.
  - Polariteite word na die oppervlak gebring.
  - Maak die kind bewus van waar hy is (bewustheidskontinuum).
  - Die kind besit sy gevoel en beskryf dit in intensiteit en begin verantwoordelikheid ervaar vir beide partye.

* Tweede stadium
  Drie stappe is hier teenwoordig naamlik absolute verskil, dialoog, oplossing.
  - Die "topdog" begin luister na die "underdog".
  - Konflik moet nie onderdruk word nie.
  - Ruil rolle om.
  - Die kind praat met sy projeksie. Die projeksie begin terug praat en die kind sien ook die ander kant en hy ontwikkel insig.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



Volgens die navorser gebeur dit dat die kind sy projeksie soms die "duiwel" noem en dan kan die kind in hierdie geval geen positiewe aspek insien van sy projeksie nie, omdat die duiwel net sleg is. In só 'n geval moet daar gepoog word om 'n ander of soortgelyke naam vir die projeksie te kry.

* Derde stadium

  In hierdie stadium moet selfvertroeteling en onderhouding plaasvind/gevestig word.

  - Help die kind om die probleem te hanteer.
  - Die kind kan 'n teddiebeer of kussing vashou.
  - Hoe gaan jy dit verder hanteer, byvoorbeeld deur 'n briefie te skryf.
  - Beweeg terug na polariteite. Wat is vir jou positief binne dit wat vir jou konflik gee?

### 2.4.9.8 Bemagtig die kind

* Bemagtig die kind om in beheer van sy gevoelens te wees.
* Gee aan hom keuses sodat hy verantwoordelikheid kan aanvaar.

### 2.4.9.9 Selfvertroeteling

* Die kind moet geleer word om homself te vertroetel sodat hy sy nuutgevonde mag en beheer kan behou.
* Hy moet homself vergewe.
* Hy moet sekere negatiewe aspekte van homself erken en aanvaar.

Volgens die navorser kan die leë-stoeltegniek effektief benut word by adolessente, mits hul verby die konkreet operasionele fase van kognitiewe ontwikkeling is. In laasgenoemde fase is die kind te konkreet en is dit vir hom moeilik om iets of iemand denkbeeldig te plaas in die leë stoel.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



### 2.4.10 Selfkoestering

Selfaanvaarding van al jou dele, selfs die mees haatlike, is belangrik vir gesonder ontwikkeling. Die eerste stap in die proses is wanneer die kind die dele waarvan hy nie hou nie uithaal. Dit is gewoonlik introjeksies wat fragmentasie veroorsaak. Hierna kan die kind die dele onder andere teken of met klei maak. Die kind beskryf, oordryf selfs, die haatlike dele waardeur aggressie na buite gerig word. Wanneer die kind ontlaai het, bewerkstellig die terapeut selfkoestering deur projektiewe tegnieke te benut om die haatlike deel te koester en te aanvaar. Wanneer die kind besef dat hierdie deel eintlik 'n oorblyfsel is van 'n jonger stadium, help dit die kind om 'n koesterende houding ten opsigte van die self te ontwikkel (Oaklander, 1994:153).

Volgens die navorser kan die monster goed benut word om selfkoestering te bewerkstellig. Die haatlike deel kan as 'n monster beskryf word.

### 2.4.11 Projeksies

Volgens Schoeman in Schoeman en Van der Merwe (1996:64-65) kan verskeie mediums benut word as projeksies byvoorbeeld sand, klei, water, verf en potloodsketse. Die skrywer noem die volgende voordele van projeksies:

* Dit word benut as 'n primitiewe verdedigingsmeganisme wanneer die individu beleef sy gevoelens is onaanvaarbaar.
* Dit bied 'n geleentheid om die verwagtinge van ander te verwerk.
* Onverwerkte aangeleenthede word daarmee uitgebeeld.
* Dit bied 'n manier om selfrespek te behou.
* Dit beskerm die kind teen kritiek en verwerping.
* Die kind kommunikeer sy behoeftes op iets anders.

Volgens die navorser kan spelterapie nie gedoen word sonder projeksies nie. Die kind is emosioneel, fisies en kognitief betrokke by sy projeksie en dit help hom om in kontak te kom met dit wat hy op daardie oomblik beleef.

209574I
352690

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



## 2.5 TERAPEUTIESE VERHOUDING

Die terapeutiese verhouding wat gebaseer is op 'n gestaltbenadering is 'n belangrike instrument om die kind se diepste gevoelens, vrese en frustrasies weer te gee. Die kind kry die geleentheid om te kan ondervind en uit te druk wat hy op die oomblik voel. (Vergelyk Schoeman en Van der Merwe, 1996:4; Oaklander, 1993:281 en Landreth, 1991:153.)

Volgens Schoeman in Schoeman en Van der Merwe (1996:3) moet die terapeut ten volle emosioneel betrokke wees by die kind. Die terapeut moet dus ten volle beskikbaar wees en volgens Oaklander (1988:123) moet die terapeut bewus wees van sy eie gevoelens en belewenisse.

Die bogenoemde inligting dui daarop dat die terapeut in kontak met homself moet wees. Onvoltooidhede in die terapeut se eie lewe moet uitgesorteer wees om effektiewe samevloeiing met die kind se proses te bewerkstellig, aldus die navorser.

Volgens Schoeman in Schoeman en Van der Merwe (1996:29-30) is die hoofdoelstellings, in die opbou van 'n terapeutiese verhouding, die volgende:

* Dit is noodsaaklik om te weet wat die oorsaak van die probleem was; wat die ouers genoodsaak het om die kind vir terapie te bring.
* Dit is noodsaaklik om die kind in kontak met sy sensoriese, emosionele en kognitiewe behoeftes te bring.
* Die kind moet gehelp word, om deur middel van spelterapie, in sy eie behoeftes te vervul. Die kind moet ook weet of hy realisties in sy verwagtings is.
* Die kind moet gehelp word om te besef dat daar situasies gaan wees, wat pynlik mag wees, maar dat dit noodsaaklik is vir sy herstel.
* Die kind moet ook weet dat hy self keuses moet maak en dat hy verantwoordelikheid vir sy eie lewe moet aanvaar.
* Die terapeut moet 'n studie van die kind se proses maak.
* Die terapeut moet die kind bemagtig ten einde verantwoordelikheid vir sy eie lewe te aanvaar.

Volgens die navorser is dit belangrik dat die terapeutiese verhouding van so 'n aard moet wees dat die terapeut nie deel van die gesin se sisteem sal word nie. Indien dit

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



sou gebeur sal dit die afsluiting van die terapie bemoeilik. Die volgende aspekte is belangrik in die terapeutiese verhouding en word vervolgens bespreek.

### 2.5.1 Verantwoordelikheid

Verantwoordelikheid word volgens Korb, Gorrell & Van de Riet (1989:49) soos volg omskryf: "...being able to respond to one's own expectations, desires, fantasies, and actions, and those of others. It also means shedding responsibility for the behaviours, attitudes and feelings of others and for their expectations, but this restriction of responsibility in no way implies a lack of caring about the needs of other people nor does it imply an inability to respond to their needs".

Verantwoordelikheid moet aangeleer word soos deur self besluite te neem. Die terapeut neem die verantwoordelikheid weg van die kind deur die volgende te doen: antwoorde te gee; keuses vir die kind te maak; die kind te help wanneer hy nie hulp nodig het nie en die kind te lei, alhoewel die kind veronderstel is om te lei (Landreth, 1991:195).

Wanneer die kind verantwoordelikheid neem, is hy meer betrokke by die terapie en kan groei vinniger plaasvind, omdat hyself betrokke is by sy eie proses, aldus die navorser.

### 2.5.2 Keuses

Bewustheid, simbolisering en keuses is volgens Korb, *et al.* (1989:19) die sentrale aspek waaruit die gestaltbenadering bestaan. Die mens kom voortdurend in sy lewe voor keuses te staan, hetsy ten opsigte van gedrag, gevoelens, ervarings of houdings.

Die skrywer Schoeman in Schoeman en Van der Merwe (1996:54) noem dat keuses 'n diep emosionele betekenis het. Die kind voel dat hyself betrokke is in die bevrediging van sy behoeftes en hy begin verantwoordelikheid aanvaar vir sy eie lewe.

Die speelkamer en die materiale tot die kind se beskikking kan die kind help om keuses te maak. Die kind kan byvoorbeeld kies of hy wil teken of met klei wil werk (Axline, 1989:133).

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



Volgens die navorser word beheer aan die kind teruggegee wanneer hy in staat is om keuses te kan maak.

### 2.5.3 Beheer

Volgens Louw (1989:640) word beheer in gestaltterapie aan die kind teruggegee deur hom in kontak met homself te bring. Weens 'n verlies aan bewustheid verloor die kind kontak met homself, sy gevoelens en behoeftes.

Die skrywer Passons (1975:430) noem dat die kernoorsaak van mense se probleme is dat hul juis nie beheer in hul lewe ervaar nie. Die terapeut moet dus doelbewus poog om 'n gevoel van beheer aan die kind terug te gee.

Deur aan die kind grense te bied, kan die terapeut beheer bewerkstellig by die kind. Die kind ervaar dat hy binne sekere grense nuwe gedrag kan eksploreer. Die kind ondervind ook 'n gevoel van veiligheid en sekuriteit (Oaklander, 1988:26).

Wanneer die kind binne veilige grense kan eksperimenteer, kan hy sukses beleef en verhoog dit sodoende sy beheer, aldus die navorser.

### 2.5.4 Grense

Grense is een van die belangrikste aspekte van spelterapie omdat dit struktuur aan die terapeutiese verhouding gee. (Vergelyk Landreth, 1991:209 en West, 1992:136.) Volgens Moustakas (1959:15) vind daar geen terapie plaas wanneer daar nie grense is nie.

Volgens Schoeman in Schoeman en Van der Merwe (1996:16-17) word die volgende tipe grense onderskei:

* **Grense ten opsigte van tyd**
  Die aandagspan van kinders is beperk en daarom is dit wenslik om sessies nie langer as 45 minute te hou nie. Wanneer die kind laat kom, moet die sessie nie aangeskuif word nie. Volgens die navorser leer dit die kind verantwoordelikheid.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



* **Grense met die gebruik van materiaal**

  Grense moet gestel word ten opsigte van die breek van speelgoed. Gewoonlik word die kind nie toegelaat om speelgoed huis toe te neem en te breek nie.

* **Grense ten opsigte van aggressiewe gedrag**

  Die terapeut en die kind se klere mag nie beskadig word nie. Enige fisiese aanval op die terapeut moet onmiddellik gestaak word.

* **Grense ten opsigte van beweging**

  Wanneer die kind die speelkamer verlaat, met die uitsondering van sommige gevalle, moet die terapie gestaak word. Toiletbesoeke kan 'n vorm van vermyding wees.

* **Beperkinge ten opsigte van persone teenwoordig**

  Sommige terapeute wil hê dat ouers 'n aktiewe rol en ander 'n passiewe rol speel in terapie, maar gewoonlik is net die terapeut en die kind teenwoordig tydens terapie.

* **Gesondheid- en veiligheidsinstruksies**

  Dit beskerm die terapeut en die kind. Die kind sal byvoorbeeld nie toegelaat word om deur die venster te klim nie.

* **Grense ten opsigte van toenadering**

  Om op 'n sosiale basis met die kind te verkeer tussen sessies, sal die terapie benadeel. Die kind kan die terapeut plaas in die rol van byvoorbeeld sy ouers of spesiale versoeke hê vir onder andere, geskenke. Dit moet egter terapeuties benader word.

* **Morele grense**

  Die kind kan byvoorbeeld net sy skoene en baadjie uittrek. Om te vloek is toelaatbaar tydens terapie, maar hy mag nie persone wat verby die venster loop, vloek nie.

Sommige beperkinge of grense kan aan die begin van die sessie neergelê word soos byvoorbeeld die tydsduur van die sessie. Ander grense kan daargestel word soos wat die behoefte hom voordoen.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



Voordele van die daarstelling van grense. (Vergelyk Landreth, 1991:281; Schoeman, 1991:15 en Oaklander, 1988:134.)

* Grense help die kind en terapeut om in kontak te bly met die realiteit.
* Strukture word geskep.
* Die kind word bewus gemaak van sy verantwoordelikheid teenoor die terapeut, speelkamer en homself.
* Grense beskerm die speelkamer en -materiaal.
* Grense bied fisiese en emosionele sekuriteit aan die kind.
* Grense verseker dat die kind in staat is om veilig en vrylik te speel.
* Grense bied 'n profesionele, etiese en sosiaal aanvaarbare verhouding - die kind mag slegs toegelaat word om sy skoene en kouse uit te trek en seksuele toenadering tussen die terapeut en kind moet verbied word.
* Dit help die terapeut om die kind te aanvaar en bied ook fisiese sekuriteit aan die terapeut.

Volgens die navorser bied grense vir die kind en die terapeut veiligheid in die terapeutiese verhouding.

### 2.5.5 Weerstand

Die skrywer Oaklander (1988:198) noem dat kinders weerstand gebruik om te kan oorleef en om hulself te beskerm teen emosionele pyn. Wanneer die terapeut weerstand by die kind opmerk, vind daar elke keer vordering plaas.

Die kind vorder deur vyf lae tydens terapie. In Thompson en Rudolph (1992:112) word die vyf lae soos volg bespreek:

* **Die valse laag (*phony layer*)**
  Die laag word gekenmerk deur onopgeloste konflikte omdat die kliënt probeer voorgee wat hy nie regtig is nie.

* **Die fobiese laag (*phobic layer*)**
  Die kliënt raak bewus daarvan dat hy probeer voorgee. Hy raak ook bewus van sy vrese. Dit is dikwels 'n vreesaanjaende ervaring.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



* **Die weerstandsplek (*impasse layer*)**

  Die kliënt laat vaar sy valse voorwendsels en omgewingsteun, maar besef dat hy ook geen ander metode het waarop hy kan steun nie. Stagnasie vind dikwels in die fase plaas en kliënte is nie bereid om voort te gaan nie.

  Volgens die navorser is die terapeut in hierdie stadium 'n nederige toeskouer van die emosionele pyn wat die kliënt ervaar. Die kliënt voel verlate en eensaam.

* **Die implosiewe laag (*implosive layer*)**

  Die kliënt raak bewus in hoe 'n mate sy ou strategieë hom beperk het en hy begin met nuwe gedrag eksperimenteer.

* **Ontplofbare laag (*explosive layer*)**

  Indien die eksperimentering met nuwe gedrag suksesvol is, vind die kliënt nuwe energie wat voorheen gebind was om die valse laag voor te hou.

Hierdie weerstand kan as 'n groei-area beskou word, aangesien Oaklander (1988:198) die volgende sê: "In every wall of resistance there is a new door that opens into new areas of growth." Hierdie groei kan vir die kind angsvol wees omdat dit onbekend is en hy dus alles in sy vermoë doen om homself te beskerm.

Hierdie groei-area van Oaklander kom in baie opsigte ooreen met die "impasse" (weerstandsplek) van Perls in Oaklander (1988:198). Wanneer die kind deur die "impasse" beweeg, is dit die proses waar die kind verouderde strategieë aflê, omdat daar nie meer 'n steunstelsel daarvoor bestaan nie.

Volgens Oaklander (1988:198) moet die terapeut hierdie weerstandsplek herken en besef dat die kind op pad is na 'n nuwe ontdekking. Die terapeut moet dus nie probeer om die weerstand te vermy nie, maar dit eerder te aanvaar en te respekteer. Hierdeur word die kind aangemoedig om deur die nuutgeopende deur te beweeg.

Volgens die navorser moet weerstand vir die kind geskep word, indien geen weerstand waargeneem word nie. Die doel van terapie is juis groei en daarvoor is weerstand noodsaaklik.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



## 2.6 TERAPEUTIESE PROSES

Volgens die navorser ontwikkel gestaltterapie volgens 'n bepaalde proses. Wanneer die terapeut op enige stadium gestop word, moet hy kan sê waar in die terapeutiese proses hy is. Die proses word soos volg bespreek:

### 2.6.1 Kontakfunksies

Volgens die studiehandleiding oor spelterapie deur Schoeman (1996:32) maak die kind van sig, tas, smaak, reuk, kommunikasie, liggaamsbeweging en gevoelens as kontakmodaliteite gebruik. Hierdie kontakfunksies is volgens Passons (1975:46) 'n aanduiding wat 'n persoon voel, wat hy doen, wat hy ervaar en wat hy onderdruk.

Asemhaling en liggaamshouding illustreer volgens Schoeman in Schoeman en Van der Merwe (1996:52) die kind se gevoelens. Deur gebruik te maak van 'n bewustheidskontinuum kan die kind bewus gemaak word van sy liggaamshouding, gesigsuitdrukking en belangstelling. Die terapeut en die kind maak beurte om te sê wat hul innerlik en uiterlik beleef.

Volgens die navorser is dit uiters belangrik om die kind eers sensories in kontak te bring alvorens daar met enige terapeutiese insette begin word.

### 2.6.2 Bou van die sin vir die self

Deur selfgerigte stellings word die kind se bewustheid in die hier en nou verhoog. Semantiese opklarings soos bespreek onder 2.4.1 is hier van toepassing.

Volgens die navorser moet die kind se innerlike krag bemagtig word in hierdie stadium bemagtig word sodat hy emosioneel sterk kan wees wanneer hy deur 'n "impasse" moet beweeg.

Volgens Schoeman in Schoeman en Van der Merwe (1996:180) is daar basiese riglyne waarvolgens die kind se innerlike krag uitgebou kan word:

* Luister na, gee erkenning en respekteer die kind se gevoelens.
* Behandel hom met respek.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



* Aanvaar die kind se gevoelens.
* Gee hom spesifieke erkenning.
* Wees eerlik met hom.
* Gebruik "ek-boodskappe" eerder as "jy-boodskappe".
* Wees spesifiek in kritiek.
* Wees konsekwent met reëls en beheer, dog gee die kind ruimte om sy eie dinge te organiseer.
* Gee hom verantwoordelikhede.
* Gee hom onafhanklikheid.
* Gee hom vryheid om keuses te maak.
* Betrek hom in besluitneming en probleemoplossing.
* Respekteer sy gevoelens, behoeftes, begeertes, suggesties en wysheid.
* Neem die kind ernstig op.
* Laat hom toe om te eksperimenteer.
* Onthou die beginsel dat elke kind uniek is.
* Wees as terapeut 'n goeie rolmodel.
* Moenie 'n veroordelende houding inneem nie.

Wanneer die kind se innerlike krag uitgebou word bemagtig die terapeut die kind om keuses te kan maak, verantwoordelikheid te aanvaar en in beheer te kan wees, aldus die navorser.

### 2.6.3 Emosionele uitdrukking

Volgens die gestaltbenadering, meld Thompson & Rudolph (1992:110) dat die belangrikste area waarop gekonsentreer moet word, die gedagtes en gevoelens is wat mense op daardie oomblik beleef.

Volgens Oaklander (1988:122) moet kinders weet dat hulle kan kies op watter manier hulle hul gevoelens wil uitdruk. Axline (1989:15) meen dat spel 'n natuurlike medium is waardeur kinders hulself kan uitdruk.

Verskeie kunsaktiwiteite kan benut word om kinders te help om hul gevoelens te verbaliseer soos teken, verf en kleiwerk. Kinders kan daarna gelei word om te praat oor hul gevoelens nadat die skepping klaar is (Thompson & Rudolph, 1992:121).

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



Gevoelens word hanteer deur dit te beleef en te ervaar. Kinders moet gelei word om pynlike gevoelens in totaliteit te ervaar. Die terapeut moet in hierdie stadium weerstand verwag (Corey, 1991:252).

Volgens die navorser moet daar altyd in polariteite gewerk word wanneer gevoelens geprojekteer word, sodat integrasie kan plaasvind.

### 2.6.4 Selfonderhouding en -vertroeteling

Nadat die kind soveel van sy diepste emosies na die oppervlak laat kom het, het hy nodig om weer veilig en geborge te voel. Volgens Schoeman in Schoeman en Van der Merwe (1995:67) kan die kind geborgenheid ervaar deur byvoorbeeld 'n teddiebeer vas te hou totdat 'n gevoel van veiligheid ervaar word. Die navorser sal aan 'n adolessente seun 'n groot kussing of 'n opgerolde trui gee om vas te hou, omdat 'n teddiebeer vir hom moontlik 'n verleentheid kan wees.

Die skrywer Schoeman in Schoeman en Van der Merwe (1996:181) is van mening dat die kind moet leer om homself te vertroetel om op so 'n wyse sy beheer te behou. Die kind moet homself kan vergeef vir wat hy gedoen het en moet self in staat wees om homself te bederf.

Volgens Oaklander (1994:153) ontwikkel die kind hierdeur 'n koesterende houding teenoor 'n jonger stadium van die self soos bespreek in 2.4.8.

'n Gevallestudie om selfvertroeteling te illustreer word deur Oaklander in Kottman & Schaefer (1994:295) geillustreer:

"I guided Susan to use herself as a resource. As we played with clay, I formed a figure of 'n little girl. "Who is that?" Susan asked. "This is you when you were a little girl and your stepfather used to hurt you." She looked at the figure for a while. "Let's imagine that you can go back in a time machine and talk to her. What would you say?" With encouragement, Susan finally said to the little girl, "I like you". I asked Susan to choose something at home - one of her stuffed animals - to be the little girl Susan, and that every night before going to sleep, to hug her and tell her it wasn't her fault and that she loved her." Die navorser meen dat die kind in hierdie proses leer om homself te onderhou.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



## 2.7 VORME VAN SPEL

Daar is verskeie vorme van spel wat aangewend kan word in gestaltspelterapie. Die navorser gaan egter net op die vorme uitbrei wat sy in haar navorsing gaan gebruik.

Volgens Schoeman (1995:89-91) kan spel met die kind in kategorieë verdeel word van gedramatiseerde spel, skeppende spel en bibliospel.

### 2.7.1 Gedramatiseerde spel

Volgens Porter in Schoeman (1995:89) is daar sprake van gedramatiseerde spel wanneer die kind die geleentheid kry om 'n situasie uit te speel of te dramatiseer.

Mediums wat benut kan word is:

* rollespel
* handpoppe
* dans en beweging
* poppekas

### 2.7.2 Skeppende spel

Die volgende mediums kan benut word in skeppende spel:

#### 2.7.2.1 Kleiwerk

Die terapeut kan verskeie doelwitte hê waarom hy die kind aan klei blootstel, naamlik by die benutting van die monster of self net om die kind sensories in kontak te bring, aldus die navorser.

Die volgende stappe kan deurgevoer word wanneer klei as 'n projektiewe tegniek benut word:

* Laat die kind die klei druk, voel en ruik.
* Die kind kan daarna met sy oë toe enige model van sy keuse uit die klei maak.
* Eienskappe van die model word deur die kind geïdentifiseer naamlik gee die model 'n naam, hoe lyk dit, wat maak dit, wat is sy kenmerke, wat is sy

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



gevoelens.

* Verpersoonlik die eienskappe in die kind se lewe.
* Verkry balans. Hoe gaan die kind dit verander, aanpas of regstel?
* Selfonderhouding deur selfvertroeteling of 'n veilige plek te kry (Schoeman, 1995).

Die waarde van kleiwerk word deur van der Merwe in Schoeman & Van der Merwe (1996:147) soos volg bespreek:

* Die kind kan sy situasie vorm en maak soos wat hy wil.
* Wanneer die kind menslike figure maak herleef hy sy gevoelens wat hy ten opsigte van die mense het en kry hy geleentheid vir ontlading.
* Terwyl die kind aan die klei druk en vat help dit om hom te laat ontspan.
* Dit stimuleer 'n kind wat swak verbale vermoëns het.
* Die kind kan sy gevoelens van aggressie daardeur ontlaai.

Volgens die navorser is klei 'n uitstekende medium om beheer te gee aan die kind. Projeksies kan geskep word en vernietig word deur dit byvoorbeeld stukkend te slaan of teen 'n muur te gooi.

### 2.7.2.2 Tekeninge

Volgens Jennings (1993:175) kan vetkryt, 'n stuk steenkool, olie-kryt, vingerverf, borsels, verfkwaste en 'n verskeidenheid van papier as tekenmateriaal benut word. Volgens die navorser kan die kind alreeds hier begin om keuses te maak deur te kies met watter medium hy wil teken.

Die skrywer Oaklander (1988:53) het die volgende model ontwikkel om die kind daartoe te lei om self sy tekening te interpreteer:

* Motiveer die kind om sy ervaringe ten opsige van die teken van sy prent met jou te deel. Bepaal watter gevoelens betrokke was en hoe hy die taak benader en dit voltooi het. Volgens die navorser deel die kind sy eie proses.

* Laat die kind sy tekening met jou deel. Vra die kind om die tekening in sy eie woorde te beskryf. Dit is dus 'n verdere wyse van hoe die kind van homself met

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



die terapeut deel.

* Motiveer die kind om op 'n dieper vlak om op die verskillende dele van die tekening uit te brei. Sekere dele mag moontlik 'n verduideliking verg. Vorme, kleure, voorstellings, objekte en mense moet aandag geniet en ook verduidelik word.

* Daar kan nou aan die kind gevra word om sy tekening te beskryf asof hy die tekening is. Die woorde "ek is die prentjie" kan benut word. Byvoorbeeld: "Ek is die rooi blommetjie met die geel kolletjie in die middel."

* Kies nou spesifieke dele in die prent vir die kind om mee te identifiseer. Die kind kan byvoorbeeld gevra word om die rooi blommetjie te wees en homself te beskryf.

* Vrae kan aan die kind gevra word om die proses aan te help, byvoorbeeld: Wat maak jy? Wie gebruik jou? Aan wie is jy die naaste? Die terapeut kry dus die geleentheid om "in die tekening" in te beweeg. 'n Geleentheid vir betrokkenheid word dus geskep.

* 'n Sekere deel kan uitgelig en oorbeklemtoon word, om sodoende die kind se aandag te fokusseer. Die kind moet aangemoedig word om so ver as moontlik met hierdie deel te gaan. Vrae wat gevra kan word is byvoorbeeld: Wat dink die blommetjie nou? of Wat gaan hy nou doen? Die terapeut moet nie moed opgee indien die kind sê dat hy nie weet nie. Daar moet dan oorgegaan word na 'n volgende deel van die prentjie. Die terapeut kan ook vir die kind sy eie antwoorde gee en vir die kind vra of dit reg is.

* Die kind moet so ver gekry word om 'n gesprek te voer tussen twee dele van die prent, byvoorbeeld die blommetjie en die son of die gelukkige kant en die ongelukkige kant van die prentjie. Vir die navorser is dit duidelik dat hier van polariteite gebruik gemaak word.

* Moedig die kind aan om aandag te skenk aan kleure wat gebruik is. Vra vir die kind wat die betekenis van sekere kleure vir hom is. Moedig dus uitdrukking aan deur die gebruik van kleure.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



* Let op na leidrade in die kind se stem, liggaamshouding, gesigsuitdrukkings, asemhaling en stiltes. Volgens die referent word die kind se proses hierdeur uitgebeeld. Stiltes kan byvoorbeeld beteken dat die kind besig is om iets uit te sorteer, dat hy dink, angs en spanning ervaar of sommer net bewus is van iets.

* Help die kind om sy tekening te besit. Die kind moet dus met die tekening kan identifiseer. Die kind kan byvoorbeeld gevra word of hy dikwels so voel en of dit in sy lewe inpas.

* Bring die tekening in verband met die kind se eie belewenis. Is daar dus 'n ooreenkoms tussen die kind se lewe en sy tekening?

* Soek die ontbrekende dele in die prent en skenk aandag daaraan. Volgens die referent moet daar aan die kind die geleentheid geskep word om sy prent aan te vul, indien hy dit sou verlang.

* Die terapeut moet nou op die kind se voorgrond fokus. Polariteite kan benut word, indien dit nodig geag word.

Die waarde van teken as kreatiewe medium:

* Tekeninge is 'n permanente rekord, wat later in terapie of as getuienis benut kan word.
* Latere tekeninge kan met vroeëre tekeninge vergelyk word gedurende terapie.
* Tekeninge kan op verskeie geleenthede volledig bespreek word.
* 'n Tekening is meer werd as baie woorde.
* Tekeninge reflekteer dikwels 'n kind se gevoelens teenoor homself, ander en sy omgewing.
* In trauma-gevalle, druk die kind dikwels sy trauma op papier uit (Miller, Veltkamp en Janson, 1987:49).

Die kind se proses word gewoonlik gou deur middel van teken weergegee. Onduidelike klein sketsies kan dui op 'n swak selfbeeld. Die kind se benadering tot die skets gee ook 'n idee aan die terapeut of die kind onseker of vol selfvertroue is, aldus die navorser.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



### 2.7.2.3 Sand

Sandspel is 'n nie-verbale, nie-rasionele beskermende vorm van terapie wat 'n diep voor-mondelingse vlak van die psige bereik. Die kliënt skep driedimensionele tonele, prent is abstrakte ontwerpe in 'n bak met 'n spesifieke grootte, waar sand (droog of nat), water en groot hoeveelheid realistiese miniatuurfigure gebruik word. (Vergelyk Weinrib, 1983:1 en Miller & Boe, 1990:249.)

'n Groot verskeidenheid fantasieë kan gedemonstreer word deur sand en water, byvoorbeeld deur die maak van tonnels, begrawe of wegsteek, verdrinking of land- en seetonele. Wanneer die sand nat is kan dit gegietvorm word en wanneer dit droog is, is dit aangenaam om daaraan te vat. 'n Verskeidenheid eksperimente wat betrekking het op sensoriese gevoel kan gedoen word deur ekstra water by te voeg. Nat sand kan droog word en weer natgemaak word. Deur ekstra water by te voeg verander dit in modder. Die droë landskap kan heeltemal verdwyn deur nog meer water by te voeg (Oaklander, 1988:166).

Soos wat Oaklander (1988:169-170) met drome en tekeninge werk, werk sy ook met die sandbak. Die kind beskryf die toneel deur byvoorbeeld 'n storie te vertel, of te vertel wat tans gebeur of wat nog gaan gebeur. Sy vra die kind om met items te identifiseer of om 'n dialoog te hê tussen twee items. Dieselfde stappe wat gebruik word om tekeninge te interpreteer (sien 2.7.2.2) word ook by die sandbak benut.

Voordele van sand as 'n kreatiewe medium word deur Carey (1990:198) soos volg uiteengesit:

* Sand is 'n tekstiel, maar verskaf 'n bewegingsverskynsel. Dit lei daartoe dat daar gekonsentreer word op 'n spesifieke punt en die moontlikheid bestaan dat die innerlike, beskermende self na vore tree.
* Grense word gestel deur die grootte van die sandbak. Dit dra daartoe by dat die kliënt insig ontwikkel in sy eie grense.
* Deur sandspel het die kind beheer oor sy aksies. Soms kan die kind ook die geleentheid daarstel om met sy eie mag te eksperimenteer.
* Sandspel moedig kommunikasie aan waar die kind oor swak verbale vaardighede beskik. Dit word ook nie-verbaal benut waar die kind oordrewe verbaliteit gebruik as 'n verdediging.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



* Verplaasde faktore kan met sandspel verdiep of verlig word. Die sandbak word soms self die kanaal waardeur verplasing geskied en nie soseer die terapeut nie. Dit gebeur dan dat neutrale negatiewe verplasing na vore tree.
* Met sand word 'n dieper vlak van die psige gouer bereik omdat sand 'n natuurlike en konkrete medium is.

Sand kan vir die kind goeie beheer gee. Hy kan situasies plooi volgens sy voorkeur in die sand, maar negatiewe projeksies kan vernietig word deur dit byvoorbeeld diep te begrawe, aldus die navorser.

#### 2.7.2.4 Briewe

Briewe kan benut word om gevoelens van die kind deur te werk (Schoeman en Van der Merwe, 1996:124). Volgens die navorser kan die adolessent gevoelens en insidente in 'n brief skryf, wat hy nie op 'n ander wyse sou deurgee nie.

Volgens Porter in Schoeman en Van der Merwe (1996:124) is die waarde van briewe die volgende:

* Briewe is veral geskik vir kinders in die ouderdomsgroep drie tot nege. Die navorser verskil hiervan omdat sy briewe veral by adolessente effektief benut.
* Die kind kry die geleentheid om deur traumatiese gebeure te werk.
* Inligting word verkry wat later terapeuties deurgewerk kan word.
* Dit is 'n maklike metode van kommunikasie vir die kind.

### 2.7.3 Bibliospel

Bibliospel beteken dat die geskrewe woord kreatief gebruik word. Dit kan gerig wees op die verlede, toekoms, of huidige situasies of 'n fantasie wat geskep word deur middel van die pen (Schoeman, 1995:91). Bibliospel kan op die volgende wyses aangewend word:

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)


### 2.7.3.1 Briewe

### 2.7.3.2 Padkaart

Die padkaart word veral effektief benut by adolessente. Die kind kan die padkaart begin teken by enige plek in sy lewe. Daarna kan die kind dit voltooi tot waar hy tans is, met verskeie padtekens op die padkaart. Traumatiese gebeurtenisse en positiewe dele word hierdeur uitgewys (Schoeman, 1995).

### 2.7.3.3 Gedigte

Gedigte kan metafories benut word om die kind meer insig te gee in sy situasie (Schoeman en Van der Merwe, 1996:122). Adolessente romatiseer, idealiseer en dagdroom dikwels en die terapeut kan hierdie gevoelens, gedagtes, drome en ideale by wyse van gedigte op skrif stel (Smith, 1981:117).

Volgens die navorser kan gedigte benut word by adolessente om hul te help om deur die impasse laag te beweeg. Die terapeut neem 'n bepaalde weerstandplek waar en hy kan hy 'n gedig oor die spesifieke weerstandplek skryf en dit vir die adolessent voorlees, waarna die adolessent sy gevoelens met 'n skeppende medium uitbeeld.

## 2.8 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Gestaltterapie blyk in kontras te wees met die meeste ander benaderings. Ander teorieë het gewoonlik ten doel om waar te neem watter emosionele en gedragsprobleme by die kind voorkom, sodat 'n hulpverleningsprogram opgestel kan word. Gestaltterapie fokus op die hier en nou. Dit wat die kind op daardie oomblik beleef en ervaar, sodat daar 'n groter selfbewustheid kan ontwikkel. Die gestaltterapeut kan dus nie 'n rigiede doelwit vir elke sessie hê nie, omdat dit moontlik nie op die kind se figuurvoorgrond is nie.

Persoonlike groei is die gevolg van 'n beter selfbewustheid. Die kind ervaar dat hy beheer het in sy lewe deurdat sy innerlike krag versterk is. Keuses word met groter selfvertroue gedoen en die kind aanvaar ook groter verantwoordelikheid. Omgewingsteun verskuif na selfonderhouding.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



Die kind kan ook verskeie kontakgrensversteurings hê soos introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie en samevloeiing. Deur hierdie kontakgrensversteurings bied die kind weerstand omdat hy vrees kan ervaar om met nuwe gedrag te eksperimenteer. Weerstand is egter noodsaaklik en dit moet vir die kind geskep word wanneer hy nie weerstand het nie. Om deur elke weerstandsplek of "impasse" deur te breek vind groei plaas. Om in polariteite te werk word integrasie verkry wat noodsaaklik is vir 'n gesonde lewensproses.

Verskeie tegnieke kan in gestaltterapie toegepas word, waarvan drome een van die bruikbaarste is. Deur hierdie tegnieke te benut kan kinders se fantasieë, behoeftes, vrese en wense uitgedruk word.

Deur die monster te benut kan baie onvoltooidhede van die kind na vore kom. Deur die monster word aggressie na buite gerig. Ontlading van negatiewe gevoelens vind plaas, waarna die kind gelei word om homself te vertroetel en te onderhou.

Verskeie vorme van spel kan benut word in gestaltspelterapie soos gedramatiseerde spel, skeppende spel en bibliospel. Deur mediums soos sand, klei, water, verf en potloodsketse te benut as projeksies, word onverwerkte aangeleenthede uitgebeeld. Die kind kommunikeer ook makliker sy behoeftes daardeur.

Gestaltterapeute beskou dus hul werkswyse as eksistensieël eksperimenteel van aard. Elke ontmoeting met die kind is uniek en die fokus is op die ontdekking van onvoltooidhede in die kind se lewe.

Die unieke proses en onvoltooidhede van die adolessent wat verlies ervaar na 'n egskeiding, word in die volgende hoofstuk bespreek.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



# HOOFSTUK 3

## 3. EGSKEIDING EN DIE ADOLESSENT

### 3.1 INLEIDING

Groot hoeveelheid kinders word jaarliks blootgestel aan spanningsvolle egskeidings. Kinders is alreeds betrokke by ontwikkelingstake en die eise wat dit stel. 'n Egskeiding beteken dat hul nog 'n stressor bykry. In hierdie hoofstuk gaan daar gelet word op die implikasies wat 'n egskeiding vir die adolessent inhou.

### 3.2. IMPLIKASIES VAN 'N EGSKEIDING VIR 'N ADOLESSENT SE ONTWIKKELING

Daar is nog kognitiewe veranderinge wat. plaasvind met die aanvang van adolessensie. Die kind beweeg vanaf Piaget se konkreet-operasionele periode na formeel-operasionele logika. (Vergelyk Hodges, 1986:28 en Papalia & Olds, 1978:268.)

Hierdie veroudering beteken dat die kind 'n relatief konkrete benadering vervang met probleemoplossing op 'n meer abstrakte vlak. Dit is belangrik om te verstaan dat die kind konkreet-operasionele denke moet inboet om effektief te wees op die formeel-operasionele vlak (Hodges, 1986:28). Die adolessent is in staat om meer abstrak te dink. Hierdie intellektuele ontwikkeling lei daartoe dat die adolessent persone en aspekte bevraagteken en gewoonlik krities daarteenoor staan (Smith, 1981:34). Volgens die navorser verhoog dit die adolessent se kritiese siening van sy ouers se egskeiding.

Bykomend tot hierdie groot kognitiewe verandering het die kind verskeie ander take van adolessensie, naamlik om te bewys dat hy 'n unieke individu is, onafhanklik van sy ouer. Hierdie karakteristieke van adolessensie het verskeie implikasies vir sy begrip en respons tot 'n egskeiding (Hodges, 1986:28).

Die karaktereienskappe van die adolessent in 'n egskeiding word vervolgens bespreek:

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



### 3.2.1 Egosentrisme

Hierdie egosentrisme laat die adolessent voel dat ander mense ook betrokke is by sy belewenisse. Alles draai om sy eie ondervinding en dit is moeilik om die wêreld uit 'n ander se oogpunt te sien. Die adolessent sal byvoorbeeld dink dat wanneer sy ouers fluister, hulle oor hom praat. Hy tree dikwels op asof hy voor 'n denkbeeldige gehoor staan, omdat hy graag die middelpunt van die aandag wil wees. (Vergelyk Hodges, 1986:28; Papalia & Olds, 1978:268 en Smith, 1981:34.)

### 3.2.2 Empatie

Die vermoë om die ouers se standpunte te waardeer het nog nie op 'n meer abstrakte vlak ontwikkel nie. Hierdie gebrek aan begrip deur die vroeë adolessent is moeilik begrypbaar vir die meeste ouers. Eers op die ouderdom van vyftien, sestien jaar ontwikkel die operasionele logika tot 'n mate dat die kind die ouer se standpunt begin insien (Hodges, 1986:28). Die adolessent is so besig om die wêreld om hom en homself te verken dat dit vir hom moeilik is om nog ander persone se standpunte te waardeer, aldus die navorser.

### 3.2.3 Skeiding - individualisering

Egosentrisme en vermindering in empatie is tipies van die vroeë adolessent met die egskeiding van ouers. Dit is kenmerkend dat ouers ambivalent voel omtrent die toelaat van hul kinders om volwasse te word. Indien die adolessent bewus raak van hierdie ambivalente gevoelens van hul ouers, in kombinasie met hul eie ambivalensie oor dieselfde saak, word skeiding moeiliker om te verwerk (Hodges, 1986:29). Die adolessent is voortdurend in konflik omdat hy graag onafhanklik wil wees, maar hy besef ook hoe afhanklik hy werklik is (Papalia & Olds, 1978:280). Dit is dus duidelik dat die adolessent onbewus moet wees van die pyn wat sy ouers beleef tydens 'n egskeiding (Hodges, 1986:29).

Daar is bevind dat adolessente hul onttrek van hul gesinne in 'n poging om hul te beskerm teen emosionele pyn. Hierdie onttrekking lei tot meer sosiale aktiwiteite en langer wegblyperiodes van die huis. Seksuele wangedrag en dwelmmisbruik mag voorkom. (Vergelyk Hodges, 1986:29 en Van Staden, 1987:202.)

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



Die skrywer Sorosky in Hodges (1986:29) het gevind dat hoe jonger die adolessent tydens die egskeiding is, hoe meer beleef hy dit as persoonlike verwerping en verlies aan liefde. Outonomie word in die adolessent bewerkstellig met 'n warm, veilige omgewing. Volgens die navorser ontbreek dit gewoonlik in geskeide gesinne.

### 3.2.4 Oordeelsvermoë

Lojaliteitskonflikte word meer soos wat die adolessent beoordeel oor wie reg en wie verkeerd was. Die vermoë om goeie kwaliteite en gedeelde verantwoordelikhede van beide ouers raak te sien, is nog nie ontwikkel nie. Die kind beweeg tussen uiterstes: deur die ouer as perfek te sien met min foute, na vol foute en nie werd om gerespekteer te word nie. Hierdie ouer word die teiken van woede (Hodges, 1986:30). Volgens die navorser help ouers die woede aan wanneer hul konflik het in die teenwoordigheid van hul kinders.

Die mate waarin die ouer en terapeut die kind aanmoedig om ambivalensie te ervaar, hoe gouer sal die kind in staat wees om die komplekse verhoudings van adolessensie op te los. Gewoonlik word lojaliteitskonflikte na 'n jaar self opgelos. In gevalle waar dit voortduur, gebeur dit dat die toesighoudende ouer diep seergemaak en bitter voel en dat daar gevolglik min kontak is met die ander ouer (Hodges, 1986:30).

Volgens die navorser kan die gestaltspelterapeut veral die adolessent help om lojaliteitskonflikte op te los deur te let op polariteite.

### 3.2.5 Seksuele ontwikkeling

Adolessente het probleme met sowel hul eie seksualiteit en dié van hul ouers in 'n egskeiding. Tieners van ouers wat uitgaan word gekonfronteer met hul ouers se seksualiteit, veral wanneer die vader met iemand uitgaan wat nie baie ouer is as die tiener self nie (Hodges, 1986:30). Die adolessent kry skaam wanneer hy daaraan dink dat sy ouer seksueel aktief is en beleef konflik wat gepaard gaan met 'n diep woede (Robinson, 1993:167).

Aangesien tieners probleme met hul ouers se seksualiteit ondervind, moet die ouers die tieners so min as moontlik daaraan blootstel, veral tydens die eerste jaar na die egskeiding (Hodges, 1986:30). Seksuele gevoelens is vir die adolessent nuut en

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



moeilik om te hanteer. Hy voel baie keer skuldig oor hierdie gevoelens (Smith, 1981:34).

Volgens Sorosky in Hodges (1986:30) ondervind adolessente dogters dit seksueel verwerpend wanneer die vader die huis verlaat. Die adolessente seun wat "die man van die huis" word, het probleme met die nabyheid van die verhouding met sy moeder en ondervind sosiale probleme. (Vergelyk Hodges, 1986:30; Schwartzberg, 1992:634 en Kaplan, 1986:49.)

Ouers se seksuele betrokkenheid by hul vriend of vriendin gee aan die adolessent die groen lig om seksueel aktief te wees. (Vergelyk Hodges, 1986:31 en Van Staden, 1987:202.) Die vader wat met 'n baie jonger vrou uitgaan verloor gesonde algemene grense (Hodges, 1986:31).

Volgens Robinson (1993:167) voel adolessente verleë oor hul ouers se eie regressie na adolessente gedrag. Dit kan daartoe lei dat die ouer en adolessent in kompetisie met mekaar gaan.

Volgens Kaplan (1986:50) beleef die adolessent ambivalente gevoelens rondom sy seksuele identiteit en beskryf sy gevoelens oor die liefde gewoonlik soos volg:

"Love is important but full of pain",
"Love is supposed to be great, but is it?",
"Love is everything in life but unfortunately not all can love".

Hierdie kritiese beeld van die liefde kan 'n negatiewe effek hê op die adolessent se toekomstige huwelik.

### 3.2.6 Selfbeeld

Die selfbeeld van 'n kind verhoog tot twaalf jaar en neem dan weer af tot en met agtien jaar. Die adolessent beskryf homself gewoonlik negatief. Aangesien die adolessent met beide ouers identifiseer, veroorsaak aanhoudende konflik tussen die ouers, dat die kind se selfbeeld kan verswak. (Vergelyk Hodges, 1986:31 en Van Staden, 1987:192.) Volgens Schwartzberg (1992:634) het adolessente dogters, wat geraak is deur 'n egskeiding, 'n swak selfbeeld, is hul seksueel aktief, bestaan 'n groter kans

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



dat hul misdaad kan pleeg en het hul probleme met dissipline.

'n Adolessent in Kaplan (1986:37) noem dat dit vir hom moeilik is om homself te beskryf, aangesien hy ervaar dat hy verskeie mense in een is. Verskillende omstandighede bring verskillende mense na vore. Volgens die navorser is hierdie 'n voorbeeld van die innerlike konflik wat die adolessent ervaar en word dit vererger deur 'n egskeiding.

'n Verdere respons tot egskeiding gedurende adolossensie, soos beskryf deur Wallerstein *et al* in Hodges (1986:31), is vertraagde of versnelde oorgang na adolessensie. Kinders met vertraagde oorgang weier om die egskeiding te bespreek en bly hoofsaaklik afhanklik. 'n Voorbeeld is 'n tienerseun wat beheer oor sy moeder oorgeneem het: hy hou haar sosiale aktiwiteite dop, monitor haar telefoonoproepe en doen navraag oor haar besoeke. Volgens Robinson (1993:167) wil die adolessent die familie bymekaar hou met hierdie gedrag.

Volgens die navorser fokus die adolessent hoofsaaklik op sy ouers se lewe en dit vertraag sy eie ontwikkeling. Versnelde oorgang na adolossensie manifesteer in die vroeë eksperimentering met volwasse plesier te wete seks, dwelms en alkohol. Ouers se emosionele pyn is soms so op die voorgrond dat hul nie voldoende aandag aan die adolessent gee nie. Dit kan ook wees dat die ouer baie jammer voel vir die adolessent en dan 'n oormaat vryheid toelaat. (Vergelyk Hodges, 1986:31 en Van Staden, 1987:190.)

Baie tieners wat seksueel uitbreek en dwelms gebruik, hunker na eksterne kontrole-maatreëls. In terme van ontwikkeling, vind navorsing dat tieners die mees volwasse vlakke van outonomiteit ontwikkel met 'n demokratiese vlak van kontrole. Absolute vryheid en 'n hoë mate van outoritarisme kweek tieners wat óf oormatig afhanklik óf oormatig rebels is. 'n Demokratiese vlak van kontrole is een waarin duidelike riglyne vir gedrag opgestel word. Die tiener weet sowel wat die reëls is as die gevolge, indien die reëls gebreek sou word (Hodges, 1986:32).

Volgens die navorser bied die ouer in 'n egskeidingsituasie aan die adolessent grense met 'n demokratiese ouerskapstyl. Die adolessent voel veilig en kan eksperimenteer met nuwe gedrag wat noodsaaklik vir sy ontwikkeling is.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat 'n egskeiding 'n pynlike ervaring vir die adolessent kan wees. Die gevolg is dat die adolessent kan regresseer in sy ontwikkeling. Dit is 'n manier om die pyn en hartseer te vermy en dit is ook 'n manifestasie van sy eie onvermoë om 'n sekere ontwikkelingstadium deur te gaan sonder die nodige verhouding met 'n moontlike identiteitsfiguur. (Vergelyk Harris, 1992:83 en Kloppers, 1994:10.)

Volgens die navorser is dit noodsaaklik dat die spelterapeut sal let of daar regressie plaasgevind het by die adolessent. Dit kan 'n aanduiding wees in watter mate die adolessent die egskeiding traumaties beleef.

## 3.3. DIE ADOLESSENT EN DIE ROUPROSES

'n Tydperk van rou volg na 'n egskeiding. Dit duur gewoonlik twee tot drie jaar. Die routydperk word gekenmerk deur verskillende en soms ontstellende emosies wat mekaar afwissel: ergernis en bitterheid, skuldgevoelens en berou, vrees en onsekerheid, eensaamheid en wanhoop, verlies van beheer oor emosies en omstandighede en miskien ook tye van opgewektheid tussenin (La Cock & Van Wyk, 1988:100).

Die proses van verwerking van verlies bly by alle kinders dieselfde, hetsy die egskeiding as gevolg van dood of egskeiding is. Daar moet 'n tydperk oor die verlies getreur word om skeiding te bewerkstellig en nuwe verhoudings te ontwikkel. Gedurende die rouproses moet die adolessent gehelp word om uiting te gee aan sy gevoelens van hartseer en aggressie. (Vergelyk Harris, 1992:83; Van Staden, 1987:186 en Hodges, 1986:305.)

Volgens Van Staden (1987:187) sal 'n onvoltooide rouproses vir die adolessent pynlike herinneringe nalaat. Daar moet egter besef word dat enige vorm van verlies weerstand bring. Die adolessent ontken die innerlike pyn en woede wat hy ervaar en dit gaan dikwels gepaard met 'n onvolwasse en somtyds vernietigende losmaking van sy gesin met 'n toenemende toekoms-oriëntasie. (Vergelyk Hetherington, 1979:853 en Erasmus, 1982:33.) Volgens Van Staden (1987:202) kom die adolessent koel en afsydig voor omdat hy homself kan distansieer van pynlike gevoelens.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



Die skrywer Van Staden (1987:188) meld voorts dat dit goed is om gedurende die rouproses te let op die volgende aspekte:

* waaroor die adolessent verlies ervaar
* watter bystand aan die adolessent gegee kan word tydens die rouproses
* hoe die adolessent se verdediging ten opsigte van die rouproses manifesteer.

Hierdie verdediging of weerstand wat die adolessent beleef tydens die egskeiding, word effektief deur die gestaltspelterapeut aangewend. Dit beteken vir die spelterapeut groei wanneer die adolessent deur weerstand breek, aldus die navorser.

Volgens Van Staden, 1987:192 en Erasmus, 1982:83 sal die volgende faktore 'n invloed hê met betrekking tot die hantering van verlies:

* ouderdom en geslag
* verhouding met die afwesige ouer, maar ook die ouer wat toesig en beheer verkry het
* persoonlikheidsamestelling
* onvermoëns om pyn en verlies te verwerk
* emosionele onvolwassenheid
* fase van ontwikkeling
* posisie in die gesin
* beskikbaarheid en toeganklikheid van die besoekende ouer
* toepaslike ondersteunende verhoudinge.

Volgens die navorser is dit belangrik dat die spelterapeut deeglik kennis sal dra van bogenoemde faktore, aangesien elke adolessent se rouproses uniek is.

### 3.3.1 Stadiums in die rouproses: Kubler - Ross

'n Skematiese voorstelling van die rouproses is deur Elizabeth Kubler - Ross opgestel. Hierdie voorstelling gee die tipiese reaksies in 'n rouproses weer. (Vergelyk Schoeman & Van der Merwe, 1996:187 en Kloppers, 1994:12.)

Volgens Graver & Morse (1986:81) kan dit voordelig wees om Kubler - Ross se rouproses aan veral adolessente voor te hou. Dit laat hul veilig voel en gee aan hul

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



hoop dat hul wel op 'n stadium beter sal voel.

#### 3.3.1.1 Ontkenning

Ontkenning is 'n onderliggende gevoel en kom algemeen voor by adolessente wat verlies ervaar (Hodges, 1986:305). Ontkenning is een van die primitiefste wyses waarop die mens homself verdedig teen trauma. Daar is verskeie grade van ontkenning.

Die mees ekstreme geval is waar die kind die trauma geheel en al uitblok uit die bewuste. Gewoonlik ontken die kind aan onderwysers en maats dat die egskeiding plaasgevind het, maar in sy gedagtes is die egskeiding prominent en eg. Ontkenning verhoed dat die kind die veranderinge aanvaar wat gepaard gaan met 'n egskeiding. (Vergelyk Shoeman & Van der Merwe, 1996:187 en Kloppers, 1994:14.) Die ontkenning manifesteer in teruggetrokkenheid en isolasie van maats, onderwysers en die omgewing (Harris, 1992:58).

Volgens die navorser dra hierdie ontkenning daartoe by dat die adolessent in die valse laag bly. Dit is vir hom moontlik te pynlik om die realiteit in die oë te staar.

#### 3.3.1.2 Fantaseer

Deur te fantaseer droom die adolessent dat sy ouers weer versoen. Die kind kan selfs psigosomaties siek word en van die huis wegloop in 'n poging om sy ouers te motiveer om weer te versoen (Kloppers, 1994:14). Hierdie herenigingsfantasieë wat beleef word, kan selfs voortduur al het die ouers met ander partye hertrou. (Vergelyk Harris, 1992:85 en Mitchell, 1985:106.) Die adolessent kan deur manipulering poog om die gesin te herenig (Van Staden, 1987:193). Volgens die navorser kan hierdie drome en fantasieë goed benut word in spelterapie.

#### 3.3.1.3 Vrees en angs

Die adolessent kan angstigheid en vrees ontwikkel dat die ouer by wie hy inwoon hom ook sal verlaat. Dit is belangrik dat die adolessent veral die verskil moet verstaan tussen die liefde wat ouers vir hul kinders het en die liefde wat twee volwassenes vir mekaar het. (Vergelyk Schoeman & Van der Merwe, 1996:188 en Kloppers, 1994:11.)

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



Volgens die navorser kan die ouer by wie die kind woon soms emosioneel onbevoeg of onvolwasse wees om die kind emosioneel te begelei deur die rouproses. Dit gebeur veral dat adolessente die ouers moet ondersteun. Die gevolg is dat hul angstig kan raak oor hul eie gevoelens wat nie verwerk word nie. Die rouproses kan dan baie langer voortduur as die verwagte twee tot drie jaar.

### 3.3.1.4 Aggressie

Woede en aggressie wat beleef word na 'n egskeiding kan dikwels vir jare voortduur, anders as die aggressie wat beleef word na die dood van 'n geliefde (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kinder- en Gesinsorg, 1988:32). Woede is een van die vroeë reaksies van die adolessent wat betrokke is by 'n egskeiding (Hetherington, 1979:851). Volgens Bowlby in Mitchell (1985:95) is die adolessent kwaad vir sy ouers, maar ook lief vir hulle.

Die navorser meen dat die bogenoemde teenstrydige gevoelens die adolessent kan verwar en is dit 'n goeie voorbeeld van polariteite. Dit is noodsaaklik dat hierdie polariteite ge-integreer word, sodat die organisme in balans kan wees. In Thompson en Rudolf (1992:117) is gestaltterapie daarop gerig om die polariteite te integreer, ten einde die mens beter te laat funksioneer en te verseker dat elke deel van die polariteit sy plek vind in 'n goed-geintegreerde persoonlikheid.

Die oorsake van aggressie word deur Hurlock in Van Eeden (1983:49) soos volg saamgevat:

"* Frustrasie wat veroorsaak dat die kind 'n persoon of objek wat in sy pad staan, aanval.
* Verplaasde woede wanneer 'n kind nie direk sy woede teenoor die skuldige party kan toon nie.
* Verwerping deur die ouers.
* Die behoefte om aandag te trek.
* Die kind se behoefte om sy superioriteit te toon.
* Behoefte aan selfbeskerming wanneer die kind bedreig voel of op die verdediging is.
* Jaloesie.
* Identifikasie met 'n aggressiewe ouer of ouer kind.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



* Fisieke straf vir wangedrag wat die behoefte om terug te slaan ontlok.
* Permissiewe houdings van ouers en ander volwassenes teenoor aggressie.
* Emosionele spanning as gevolg van spanning in die familie/gesin waardeur die kind nie betrek word nie."

Die navorser meen dat al bogenoemde oorsake van aggressie aansluit by die adolessent wat aggressie openbaar na 'n egskeiding. Wanneer die adolessent gelei word om hierdie aggressie te besit en te ontlaai kan daar moontlik deur die impasse laag beweeg word.

'n Mening van Kloppers (1994:10) is dat die adolessent die aggressie kan hanteer deur:

* repressie of ontkenning van die aggressie
* vergeesteling deur byvoorbeeld oorlogspeletjies te speel
* transformasie van die aggressie na byvoorbeeld sy boetie in plaas van sy pa
* projeksie: dit is iemand anders se fout, nie syne nie
* simboliese verligting deur drome en fantasieë
* aggressie te verplaas deur byvoorbeeld na skrikwekkende films of videos te kyk

Baie kinders word opgevoed met die idee dat hy nie uitdrukking mag gee aan negatiewe gevoelens nie, veral aggressie. Wanneer kinders nie die toestemming het om uitdrukking te gee aan aggressie nie, raak dit meer gekompliseerd wanneer die tyd aanbreek om dit vry te laat. Die kind kan moontlik bang wees vir vergelding, verwerping, persone wat hom moontlik in die steek kan laat en selfs moontlik fisiese beserings wat hy kan opdoen. Dit is beter om die kind in kontak te bring met gevoelens wat onder die aggressie lê as om die aggressie te laat bottelnek. Hierdie gevoelens is gewoonlik droefheid, pyn en vrees vir veral verwerping (Fausel, 1986:45). Die leë stoeltegniek kan effektief in spelterapie benut word om hierdie woede en aggressie van die adolessent te hanteer, aldus die navorser.

### 3.3.1.5 Skuldgevoelens

Skuldgevoelens kan die onderliggende rede vir woede. Die adolessent kan ervaar dat hy die oorsaak vir die egskeiding was. (Vergelyk Harris, 1992:58; Schoeman & Van der Merwe, 1996:188; Kloppers, 1994:11; Erasmus, 1982:27 en Graver & Morse,

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



1986:61.)

Volgens Van der Merwe in Schoeman & Van der Merwe (1996:188) gebeur dit dat ouers wel hul kinders blameer vir die egskeiding. Adolessente kan ook insidente onthou waar die ouers hom gedreig het dat hul die huis gaan verlaat as gevolg van sy slegte gedrag. Kinders sien hul ouers as sonder foute, daarom sal hul hulself blameer vir die egskeiding sodat hul ouers se beeld onaangetas kan bly. Hulle verkry ook meer beheer oor die situasie met dié optrede omdat hulle voel hul kan die situasie weer na normaal laat terugkeer, indien hulself die rede was vir die egskeiding.

#### 3.3.1.6 Droefheid

Treurigheid en droefheid kan reaksies op enige verlies wees. Wanneer hierdie gevoelens meer intensief raak en oor 'n lang periode geskied word dit beskou as rou. Die rouproses kan gesien word as 'n tydperk waar emosies uitgespreek en verwerk word (Kloppers, 1994:11). Daar is die emosionele pyn van onvervulde behoeftes, die seer van onveilig voel en die belewing van die adolessent dat hy anders is as sy maats (Erasmus, 1982:32).

Volgens die navorser se ervaring is die verwerping wat die adolessent beleef na 'n egskeiding, een van die mees pynlike ervarings wat beleef kan word. Volgens Bigot in Van der Walt (1985:27) voel die adolessent onder normale omstandighede dikwels verworpe omdat hy voel dat hy nie verstaan word en deur ander bereik word nie. Volgens Mitchell (1985:96) is die gevoel van verwerping nog vir baie jare na die egskeiding teenwoordig by seuns en meisies. Die meeste adolessente het verwerp gevoel deur die ouer van dieselfde geslag.

#### 3.3.1.7 Depressie

Volgens Gardeners in Hodges (1986:305) is depressie 'n algemene aspek wat teenwoordig is by die adolessent in 'n rouproses. Schwartzberg (1992:634) het bevind dat omtrent een derde van die kinders depressie ondervind na 'n egskeiding. Depressie manifesteer as volg:

* konsentrasieprobleme
* apatie

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



* verveling
* eetstoornisse
* selfkritiek
* pre-okkupasie met die dood en selfmoord
* intensiewe droefheid
* verwarring met betrekking tot geslag

Dit is belangrik dat depressie verwerk moet word, anders kan dit oorgedra word na volwassenheid. (Vergelyk Schoeman & Van der Merwe, 1996:187 en Kloppers, 1994:11.)

#### 3.3.1.8 Hoop en onderhandeling

Die adolessent sal ook deur middel van onderhandeling poog om die ouers te herenig (Harris, 1992:59). Die kind hoop op hereniging al lyk dit vir hom onwaarskynlik. Die adolessent moet gehelp word om hierdie onrealistiese hoop te laat vaar volgens Van der Merwe in Schoeman & Van der Merwe (1996:188).

#### 3.3.1.9 Aanvaarding

Die adolessent aanvaar uiteindelik die verliese wat hy lei. Selfwaarde word opgebou onafhanklik van die egskeiding (Harris, 1992:59-60). Hy sien 'n nuwe realiteit en maak positiewe veranderinge (Kloppers, 1994:11).

Wanneer die adolessent aanvaarding beleef, kan hy moontlik die eksplosiewe laag in terapie bereik. Die adolessent ontdek nuwe energie en bemagtiging vind plaas, aldus die navorser.

### 3.3.2 Fases in die rouproses: Parkes en Bowlby

Volgens Parkes en Bowlby in Fausel (1986:42) moet 'n persoon in die tydperk van rou deur die volgende fases beweeg:

#### 3.3.2.1 Eerste fase: gevoelloosheid

Die adolessent voel versteen en weet nie wat hy voel nie.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



#### 3.3.2.2 Tweede fase: verlange

Die fase word gekenmerk deur die adolessent se verlange na dit wat hy verloor het. Hy ontken ook die permanensie van die verlies asook die aggressie wat beleef word.

#### 3.3.2.3 Derde fase: disorganisasie en wanhoop

Die adolessent vind dit moeilik om te funksioneer.

#### 3.3.2.4 Vierde fase: re-organisasie

Herstel tree in en beheer word verkry. Volgens die navorser is hierdie beheer belangrik in spelterapie om te verkry.

### 3.3.3 Take in die rouproses: Worden

Die skrywer Worden in Fausel (1986:42-47) konstateer dat hy take verkies in die plek van stadiums soos wat ontwikkel is deur Kubler - Ross en die fases van Parkes en Bowlby. Worden noem dat stadiums en fases 'n mate van passiwiteit impliseer, terwyl take daarop gerig is dat die treurende tot aksie moet oorgaan. Die volgende take is deur Worden geïdentifiseer:

#### 3.3.3.1 Om die realiteit van die verlies te aanvaar

Wanneer die kind gelei word om die realiteit van die egskeiding te aanvaar moet verseker word dat hy nie alleen is nie, maar dat daar mense by hom is wat omgee. 'n Adolessent kan slegs die realiteit aanvaar wanneer die waarheid van die situasie aan hom meegedeel word en die ondersteuning gebied word om dit te kan verduur. In hierdie geval moet ouers die volgende aan die adolessent duidelik maak:

* dat hul verskeie kere probeer het om hul probleme op te los, maar sonder enige sukses
* daar niks is wat die kind kan doen om dit te verander nie
* dit nie die kind se skuld is dat hul geskei het nie
* die ouer wat die huis verlaat, steeds die kind se ouer bly

University of Pretoria etd – Groenewald, E M  (2006)



* die tye wanneer die kinders die afwesige ouers sal sien of by hom/haar gaan kuier
* op watter wyses die afwesige ouer beskikbaar sal wees, byvoorbeeld telefonies of briefwisseling

Volgens die navorser sal bogenoemde optrede verhoed dat die adolessent ervaar dat hy tussen sy ouers moet kies. Albei ouers gee aan hom die boodskap dat hy beide lief mag hê.

Volgens Worden in Fausel (1986:44) is dit belangrik dat die boodskappe herhaaldelik op verskillende wyses aan die adolessent oorgedra word omdat hy nog aan skok kan lei en die egskeiding dan ook ontken.

**3.3.3.2 Om die pyn van verlies te ervaar**

Ouers moet hulle kinders die geleentheid gee om te treur oor die ouer wat afwesig is. Geleenthede moet aan die adolessent gegee word om sy droefheid, alleenheid en skuldgevoelens in woorde uit te spreek. Dit kan die adolessent se toestand vererger wanneer aan hom genoem word dat hy nie so droewig moet voel nie.

**3.3.3.3 Om aan te pas by 'n nuwe omgewing**

Dit is waardevol wanneer 'n terapeut die gesin help om die volgende rolle te identifiseer:

* rolle van die afwesige ouer in die kern gesin
* rolle van elke gesinslid in die kern gesin
* rolle in die enkelouergesin
* hoe die rolle tans vervul word en wat die ideale rolvertolking sal wees

Deur die gesin te help met die vertolking van rolle word daar verhoed dat daar te veel verwag word van kinders.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



#### 3.3.3.4 Om emosionele energie te onttrek en dit in ander verhoudings te belê

Adolessente het veral konflik wanneer hul waarneem dat hul ouers emosioneel los raak van mekaar en betrokke raak in ander verhoudings. Hul beleef veral lojaliteitskonflik wanneer hul voel hul bind met hul ouer se nuwe maat. Dit is belangrik dat hierdie gevoelens na die oppervlak gebring word. Ouers moet bewus wees van hierdie gevoelens en nie hul kinders se optrede misinterpreteer nie. Volgens Robinson (1993:167) word hierdie lojaliteitskonflik gekenmerk deur diepe aggressie.

Wanneer die kind ambivalente gevoelens beleef van konflik teenoor hul ouers, hou dit die verwerking van die egskeiding terug. Dit gebeur ook waar ouers nie hul eie konflik opgelos het nie. Volgens die navorser is dit uiters belangrik dat geskeide ouers respek aan mekaar moet betoon en onder geen omstandighede konflik moet voortsit soos tydens die huweliksverhouding nie. Die enigste wins wat baie kinders uit 'n egskeiding kry, is juis dat hul bevry word uit 'n voortdurende atmosfeer van spanning en konflik. Wanneer hierdie verligting nie beleef kan word nie, raak die egskeiding ondraaglik met negatiewe gevolge.

Volgens die navorser is dit belangrik dat hierdie take in die tydperk van rou veral met die ouers deurgewerk word. Tydens en ná afloop van terapie kan die adolessent die egskeiding begin verwerk, maar ouers kan die effektiwiteit daarvan belemmer deur emosionele spanning by die adolessent te verhoog, emosioneel onvolwasse op te tree en onrealistiese verwagtinge van die adolessent te hê.

## 3.4. Vlakke van egskeiding en die adolessent

Daar is verskillende vlakke van egskeiding waardeur die egpaar beweeg en dit is belangrik dat die spelterapeut kennis moet dra daarvan om effektief by die adolessent in 'n egskeidingsituasie aan te sluit, aldus die navorser.

### 3.4.1 Emosioneel

Emosionele egskeiding behels die weerhouding van bindende emosies en kommunikasie van die verhouding (Lamanne & Riedmann, 1988:522). Daar bestaan min positiewe emosies tussen die egpaar en dit lei daartoe dat hul al hoe meer krities en ontevrede met mekaar raak (Potgieter, 1986:142). Gevoelens wat beleef word

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



deur die ouer en die adolessent is skok, ontkenning, ambivalensie, verwarring, disorganisasie, woede, aggressie, skuldgevoelens, depressie, mislukking, minderwaardigheid en eensaamheid (Van Staden, 1987:6).

Die egpaar sal dikwels weens verskeie redes met die huwelik voortgaan, byvoorbeeld die vrees om alleen te wees, verpligtinge ten opsigte van die kinders en gedetermineerdheid om getrou te bly aan die huweliksbelofte. Nieteenstaande hierdie redes, gaan hulle voort om mekaar konstant seer te maak (Lamanne & Riedmann, 1988:522).

Volgens die navorser kan die adolessent tydelik verligting ervaar wanneer die emosionele egskeiding afgehandel word omdat dit hoofsaaklik deur konflik gekenmerk word.

### 3.4.2 Wetlik

Die huwelik is 'n wetlike kontrak tussen die egpaar en die Staat. Laasgenoemde impliseer dat die Staat ook 'n party by egskeiding is (Broderick, 1988:355).

Volgens Bohannan in Lamanne & Riedmann (1988:523) is daar twee aspekte van die wetlike egskeiding wat die egskeiding meer pynvol maak. Eerstens maak die regstelsel nie voorsiening vir die ordelike, sosiaal aanvaarbare ontlading van emosies wat gedurende die emosionele egskeiding ontstaan nie. Egskeiding skep 'n behoefte aan rou. Die tweede aspek is die "adversory system". Die regsverteenwoordigers hanteer alleenlik die kliënt se belange en stel nie daarin belang om die belange van die kliënte teen mekaar op te weeg, ten einde 'n oplossing te kry wat beide egliede wedersyds bevoordeel nie.

Ten opsigte van die wetlike prosedure is hierdie vlak 'n hoogtepunt. Daar word besluit oor toesig en beheer van die kinders, asook onderhoud en besoektye. (Vergelyk Potgieter, 1986:142 en Graver & Morse, 1986:61). Tydens hierdie periode kan die ouers baie sterk meningsverskille hê wat die adolessent negatief kan beïnvloed, aldus die navorser.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



### 3.4.3 Ekonomies

Die ekonomiese egskeiding impliseer die skeiding van die egpaar in onderskeie ekonomiese eenhede, waar elkeen sy eie eiendom, beheer oor uitgawes en inkomstes ensovoorts het. (Vergelyk Potgieter, 1986:142 en Lamanne & Riedmann, 1988:524.) Die egpaar se huis moet dikwels verkoop word, ten einde die bates gelykop te verdeel. (Vergelyk Broderick, 1988:362 en Saxton, 1990:281.) Die onderhoud wat die vader betaal, voorsien gewoonlik net aan die basiese behoeftes van die kinders. Dit gebeur ook dat talle vaders verdwyn en nooit onderhoud betaal nie (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kinder- en Gesinsorg, 1988:39).

Geld is volgens Hodges (1986:32) 'n algemene pre-okkupasie by adolessente en daarom is dit nie vreemd dat 'n adolessent tydens 'n egskeiding besorg is oor genoeg geld vir klere en uitgaan nie. Kinders wat die grootste val in lewenstandaard ondervind, ondervind gewoonlik die meeste probleme op hierdie gebied.

Volgens die navorser sal die ekonomiese egskeiding beslis 'n invloed hê op die rouproses van die adolessent, omdat hy met baie minder tevrede moet wees. Dit kan sy gevoel van aggressie verhoog.

### 3.4.4 Mede-ouerskap

Die mede-ouerskap-egskeiding kan as een van die moeilikste aspekte van die egskeidingsproses beskou word. Die totale gesinsisteem word deur die egskeiding gefragmenteer, terwyl die dele moet voortgaan om ten opsigte van seker aspekte in interaksie te tree (Van Staden, 1987:7). Die kwessie oor beheer en toesig, veroorsaak dikwels spanning. Die eglied wat nie beheer en toesig verkry het nie, voel dikwels na die egskeiding depressief, hartseer, kwaad, eensaam en angstig oor die kinders. Ouers maak ook dikwels negatiewe opmerkings ten opsigte van hul gewese man en vrou teenoor hul kinders. Laasgenoemde kan daartoe lei dat die adolessent negatief beïnvloed word ten opsigte van hul een ouer. Die spreekwoordelike "fighting through the children" vind dan dikwels plaas (Lamanne & Riedmann, 1988:528). Ouers se verskillende persepsies oor wat vir die kind die beste is, kan bots en dit lei ook tot konflik (Potgieter, 1986:43).

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



Die navorser meen dat hierdie "fighting through the children" die lojaliteitskonflik van die adolessent verhoog en sodoende die rouproses vertraag.

### 3.4.5 Gemeenskap

Volgens Van Staden (1987:7-8) vind die gemeenskapskeiding plaas wanneer die egskeiding realiseer. Verandering in 'n persoon se status lei dikwels tot 'n verandering in die gemeenskapshouding. Geskeide mense rou gewoonlik alleen as gevolg van die verlies van sosiale kringe en vriende. Vriende en familie voel dikwels verslae en weet nie hoe om die situasie te hanteer nie. (Vergelyk Haremann & Lehtinen, 1986:220; Saxton, 1990:290 en Potgieter, 1986:43.)

Om hierdie gevoel van eensaamheid te verwerk, kan dit gebeur dat die ouer sterk steun op sy adolessente kind, aldus die navorser.

### 3.4.6 Psigies

Psigiese egskeiding verwys na die verkryging van psigiese outonomie deur die emosionele skeiding van die persoon en invloed van die voormalige eggenoot (Lamanne & Riedmann, 1988:531). Volgens Van Staden (1987:8) vind die psigiese egskeiding laaste plaas en is dit dikwels die moeilikste vlak.

Baie min persone slaag werklik daarin om volkome psigies van hul huweliksmaat te skei. Om suksesvol te wees, is daar 'n rouperiode nodig. Wanneer die egpaar mekaar vergewe het en onafhanklik met hul lewe kan voortgaan, is die psigiese egskeiding voltooi (Lamanne & Riedmann, 1988:381). Hierdie vlak is die moeilikste om te bereik, maar is die opbouendste (Potgieter, 1986:43). Volgens die navorser sal die psigiese egskeiding positiewe invloed op die adolessent hê, omdat die meeste konflik dan reeds opgelos is.

## 3.5. TERREINE WAAROP DIE ADOLESSENT VERLIES ERVAAR

Daar is verskillende terreine waarop die adolessent verlies ervaar tydens en na 'n egskeiding. Volgens die navorser moet die spelterapeut deeglik daarvan kennis dra om effektief by die adolessent aan te sluit.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



### 3.5.1 Verlies van vertroue en geloof

Volgens Weiss in Mitchell (1985:65) is adolessente bitter wanneer hul ouers skei, omdat die ouers nie die hoë morele standaarde gehandhaaf het wat hulle voorgestaan het nie.

Baie ouers verseker hul kinders dat hul as gesin altyd bymekaar sal bly en mekaar lief sal hê. Wanneer hul wel skei, voel die adolessent bedrieg. Hulle gaan nie na hul ouers met behoeftes nie, omdat hulle nie hul ouers vertrou nie (Van Staden, 1987:188). Die adolessent beleef 'n gevoel van eensaamheid, want hy voel albei ouers het hom in die steek gelaat (Schwartzberg, 1992:634).

### 3.5.2 Verlies van die ouerlike eenheid

Baie adolessente ervaar egskeiding as 'n traumatiese, pynlike ervaring. Volgens Wallerstein & Kelly in Schwartzberg (1992:634) word die angs in die adolessent toegeskryf aan die feit dat hy meer kwesbaar voel. Die adolessent is hartseer oor die verlies van die beskermende gesinstruktuur, omdat een van die ouers die huis verlaat het (Van Staden, 1987:189).

### 3.5.3 Verlies van die moeder soos sy vóór die egskeiding was

Die geskeide moeder moet aanpas by verskeie omstandighede. Sy is 'n enkelouer met meestal die verantwoordelikheid van toesig en beheer oor die kinders. Sy moet haar eie gevoelens van verlies verwerk. Dit gebeur meestal dat die moeder soms vir die eerste keer moet uitgaan om te werk. Sy spandeer gevolglik minder tyd met haar kinders. 'n Gevoel van verwerping kan beleef word, veral wanneer sy ook afsprake het met nuwe vriende. (Vergelyk Erasmus, 1982:20-21 en Van Staden, 1987:190.)

### 3.5.4 Verlies van die vader soos hy vóór die egskeiding was

Die adolessent moet leer om die verlies te hanteer van 'n verhouding met die ouer wat nie toesig en beheer gekry het nie, wat meestal die vader is (Graver & Morse, 1986:61).

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



Die vader-kind-verhouding verander drasties. Hy word soos 'n gas in die huis. Iemand wat die voordeurklokkie lui en in die sitkamer sit en wag vir sy kinders. Hy neem die kinders gewoonlik uit op uitstappies en sy rol as dissiplineerder neem af. Die meeste vaders is bang dat hul kinders hul negatief sal beleef wanneer hul tydens die kort besoektye die kinders moet dissiplineer. (Vergelyk Erasmus, 1982:22 en Van Staden, 1987:191.) Volgens Graver & Morse (1986:61) word die pa 'n "Kersvader-ouer".

Dit gebeur volgens Van Staden (1987:191) dat die adolessent sy gedagtes en gevoelens opsy skuif totdat sy pa hom besoek. Die navorser meen dat dit veral negatief beleef kan word deur die adolessente seun wat graag wil identifiseer met sy pa. Die afwesige vader word dikwels geïdealiseer in 'n poging om die verlies te vermy. Mettertyd sal die adolessent besef dat die afwesige vader nie net positiewe eienskappe het nie.

### 3.5.5 Verlies van die gemeenskap soos dit vóór die egskeiding was

In die meeste gevalle verhuis gesinne na 'n egskeiding. Die adolessent ervaar verlies van sy maats, sy skool en die bure (Van Staden, 1987:191-192). Volgens Schwartzberg (1992:634) beleef die adolessent dat hy anders is as sy maats. Dit lei daartoe dat hy homself van sy maats onttrek en dit verhoog weer eens sy gevoel van eensaamheid, aldus die navorser.

### 3.5.6 Verlies van die adolessent soos hy vóór die egskeiding was

Veranderinge in die adolessent se intieme en ondersteunende verhoudingslewe, beïnvloed sy gevoelens oor homself. Voor 'n egskeiding is die adolessent bewus van albei ouers se eienskappe en identifiseer hy daarmee. Na 'n egskeiding ondergaan albei ouers veranderinge en is dit vir die adolessent moeilik om daarmee te identifiseer. Dit gebeur baie dat ouers mekaar se eienskappe voor hul kinders aftakel. Die gevolg is dat die adolessent nie meer die vrymoedigheid het om met dié eienskappe te identifiseer nie (Van Staden, 1987:192). Volgens die navorser beïnvloed dit veral die adolessent in sy soeke na 'n identiteit.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



### 3.5.7 Verlies aan sekuriteit

Daar is baie sekuriteit in die bekende. Wanneer 'n skielike omwenteling plaasvind, soos met 'n egskeiding, kan 'n gevoel van onveiligheid beleef word (Erasmus, 1982:31).

Volgens Graver & Morse (1986:61) is die adolessent bevrees vir die toekoms en het hy baie bekommernisse. Die skrywer Erasmus (1982:31) meld dat daar veral in die begin stadium van 'n egskeiding baie onsekerhede is. Vrae wat deur die adolessent gevra kan word is: Wie gaan na hom omsien? Gaan hulle in dieselfde huis bly? Hoe dikwels gaan hy sy ouer sien wat die huis verlaat het? Gaan daar 'n nuwe stiefouer wees? Al hierdie onsekerhede veroorsaak 'n gebrek aan sekuriteit.

## 3.6. FAKTORE WAT DIE ROUPROSES VAN DIE ADOLESSENT KAN VERGEMAKLIK

Egskeiding hoef nie noodwendig op die adolessent 'n negatiewe invloed te hê nie. Huweliksonenigheid en -spanning veroorsaak die ergste gedragsprobleme. (Vergelyk Van Staden, 1987:189 en Mitchell, 1985:5.)

Die navorser stem met bogenoemde stellings saam, maar dit gebeur selde dat adolessente ongeskonde deur die rouproses van 'n egskeiding gaan. Dit is hoofsaaklik omdat die ouers nie die kennis het om hul kinders die regte begeleiding te gee nie en tweedens omdat ouers hul eie emosionele belewenisse nie voor die adolessent kan beheer nie. Potgieter (1986:73) noem dat kinders sensitief is vir hul ouers se gemoedstemminge.

Die volgende faktore kan daartoe bydra dat die adolessent die rouproses nie so traumaties beleef nie:

* Adolessente beleef die huwelikskonflik van hul ouers dikwels as normaal en hul dink selde dat dit tot 'n egskeiding sal lei. Die egskeiding kan vir hul 'n totale verrassing wees. (Vergelyk Suid Afrikaans Nasional Raad vir Kinder- en Gesinsorg, 1988:33 en Nichols, 1984:33.) Die navorser is van mening dat ouers reeds 'n geruime tyd voor die egskeiding hulself emosioneel voorberei daarop. Wanneer adolessente ingelig word oor hul ouers se beplanning, sal hul dit nie as 'n skok beleef nie.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



* Baie ouers toon min begrip vir die ware gevoelens van hul kinders in 'n egskeiding (Suid Afrikaanse Nasionale Raad vir Kinder- en Gesinsorg, 1987:33). Volgens die navorser wil baie ouers nie die emosionele pyn van hul kinders erken nie, omdat dit hul meer skuldig laat voel. Daar is nou 'n groter behoefte aan liefde en begrip as ooit tevore (Erasmus, 1982:29).

Volgens Van Staden (1987:187) en Nichols (1984:28) het adolessente 'n behoefte om hul gevoelens en behoeftes uit te spreek. Verwydering vind plaas wanneer ouers versuim om tyd te maak om te luister na die gevoelens van hul adolessente. Volgens die navorser is dit veral belangrik dat ouers aan adolessente die toestemming gee dat hul vir hul kwaad mag voel. Hierdeur het die adolessent die vrymoedigheid om ook sy aggressie met sy ouer te deel.

* Volgens Hetherington in Kaplan (1986:53) kommunikeer geskeide ouers minder met hul kinders, stel hul meer eise, gee hul meer bevele, is hul minder liefdevol en nie konsekwent nie. Volgens die navorser verskuif die grense wat aan die adolessent gestel word voortdurend wanneer 'n ouer nie konsekwent is nie. Dit kan hom baie onveilig laat voel en dit word versterk deur 'n koue verhouding met sy ouer. Dit is dus uiters belangrik dat beide ouers steeds baie liefde en aandag sal gee met die nodige dissipline.

* Die skrywer Van Staden (1987:187) sluit hierby aan deur te bevestig dat die ouers die manier waarop die adolessent sy verlies verwerk, met liefde en geduld moet aanvaar. 'n Oop gesprek met die adolessent is nodig waar die ouers aan die adolessent bevestig dat hul albei hom graag sal wil ondersteun.

* 'n Goed gestruktureerde egskeidingstruktuur beteken groei vir al die gesinslede (Van Staden, 1984:186).

* Volgens Wei en Kapi in Mitchell (1985:5) moet ouers dus altyd hul kinders oor die omstandighede inlig en aan hul noem dat volwassenes ook somtyds foute maak. 'n Moeder noem dat sy aan die kinders verduidelik het dat hulle die vader gaan verlaat, dat sy en die vader nog steeds vriende bly, maar dat albei dink hulle is beter af op hul eie en dat dit niemand se skuld is nie. Sy het dit normaal gevind om so met haar kinders te praat, aangesien hulle nog altyd eerlik met mekaar was.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



* Die skrywers Page & Clark in Mitchell (1985:65) meld dat dit belangrik is dat ouers dit duidelik aan die adolessent stel dat hul mekaar verlaat en dat hulle nie die adolessent verlaat nie. Volgens die navorser sal die adolessent hierdeur ook nie soveel verwerping beleef nie.

* Volgens Robinson (1993:167) hou die aanpassing van ouer kinders verband met die ouers se vermoë om in hul emosionele behoeftes te voorsien.

* Baie ouers reageer dikwels subjektief en irrasioneel ten opsigte van baie aspekte betreffend die egskeiding. Dit is belangrik dat ouers gesamentlik terapie moet ontvang om albei ouers se menings te hoor. Vier basiese beginsels ten opsigte van hulpverlening aan geskeide ouers is die volgende:

  ** die terapeut moet albei ouers se bydrae beklemtoon tot herorganisasie hulle verhoudings met mekaar en die kinders.
  ** die welstand van die kinders moet altyd prioriteit geniet.
  ** die terapeut moet die realiteit van die egskeiding aanspreek en let op die bestaande gesinsamestelling.
  ** gesamentlike terapie is goed waar ouers verskil, maar die ontmoetings moet beheer word.

  Volgens Van Staden (1987:192-193) sal die betrokkenheid van beide ouers vir die adolessent van meer waarde wees omdat hy die ouers as 'n belangstellende eenheid sal beleef. Ouers moet voorberei word op 'n verskeidenheid reaksies wat die adolessent tydens die egskeiding sal ervaar as 'n poging om die emosionele pyn te verwerk.

* In die meeste van die gevalle word toesig en beheer aan die moeder toegeken. In egskeidingsberaad is dit noodsaaklik om te bou op die positiewe en sterk eienskappe van die moeder. Wanneer sy emosioneel stabiel is, kan sy die adolessent se veranderde behoeftes as gevolg van die egskeiding verstaan en daarby aansluit (Van Staden, 1987:190).

* Die adolessent kan saam met sy vader beplan ten opsigte van besoeke, vakansies en telefoonoproepe. Bespreek ook die nuwe rol wat die vader sal hê; hierdeur word die verlies wat die kind sal ervaar verminder (Van Staden,

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



1987:191).

* Dit gebeur egter dat moeders meer negatiewe reaksies het met betrekking tot adolessente seuns. Seuns toon ook meer negatiewe reaksies teenoor hul moeders as teenoor hul vaders (Kaplan, 1986:53). Die navorser is van mening dat die vader 'n groter rol as die moeder met betrekking tot 'n rolmodel en identifikasie speel. Die adolessente seun moet dus goeie kontak met sy vader behou en dit is meer wenslik dat die vader toesig en beheer verkry oor hom.

* Dit is belangrik dat die adolessent sal verstaan dat hy nie hoef te kies tussen sy ouers nie; hy het albei nodig (Erasmus, 1982:23).

* Waar dit moontlik is, moet die enkelouergesin nie sonder meer uit hul bekende omgewing verhuis nie. Die adolessent se aanpassing is hierdeur makliker en ervaar hy minder verlies (Van Staden, 1987:192). Volgens die navorser verloor die adolessent hierdeur nie sy vriende wat vir hom 'n belangrike ondersteuningsisteem in die rouproses is nie.

* Dit gebeur ook dat adolessente besorg is oor hul eie toekomstige huwelike. Hulle het veral baie vrae oor hoe 'n mens seker kan wees dat 'n huwelik sal slaag. Adolessente kan verseker word dat hul eie toekoms nie gedoem is deur die foute wat hul ouers gemaak het nie. Hulle kan wel leer uit die foute (Hodges, 1980:32).

## 3.7. SAMEVATTING

Die karakteristieke van die adolessent, soos bespreek in hierdie hoofstuk, vergemaklik nie die adolessent se emosionele verwerking van sy ouers se egskeiding nie. Die adolessent het baie liefde, aanvaarding en 'n oop kommunikasiekanaal met sy ouers nodig om die egskeiding te aanvaar, al sou dit blyk dat die egskeiding die adolessent nie raak nie. Die adolessent kon alreeds verskeie verdedigingsmeganismes ontwikkel het om emosionele pyn te verberg.

Gedurende die rouproses het die ouers besliste take: om die adolessent te begelei na aanvaarding en die aanknoop van nuwe verhoudinge.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



Dit gebeur telkens dat adolessente emosionele probleme ondervind ten tye van 'n egskeiding, wat deur terapie aangespreek moet word. Die navorser meen dat die gestaltspelterapeut effektief kan aanluit by die adolessent en sy rouproses, soos wat die gevallestudies in hoofstuk vier sal uitwys.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



# HOOFSTUK 4

## 4. NAVORSINGSBEVINDINGE

### 4.1 INLEIDING

Gestaltterapie is as 'n benadering gevolg om spelterapie te doen met vier adolessente wat vrywillig gekies het om betrokke te raak by die navorsing.

Drie van die respondente is leerlinge van Hoërskool Rosenhof. Die sielkundige van die skool het 'n paar meisies uit geskeide gesinne genader en drie was positief om terapie te ontvang. Hoërskool Rosenhof is 'n nywerheidskool in Bloemfontein wat dogters akkommodeer regoor die Republiek van Suid Afrika. Die ander respondent is 'n seun wat aangemeld het by die navorser se privaatpraktyk.

Daar was agt kontaksessies met elke respondent. Die eerste sessie is benut om 'n vertrouens-verhouding op te bou en 'n assessering te doen. 'n Glyskaal is benut om 'n idee te vorm van wat die respondente se gevoelens met betrekking tot hul ouers se egskeiding is. Gedurende die tweede sessie is daar gelet op sensoriese kontakmaking.

Die navorser gebruik fiktiewe name vir die respondente omdat vertroulikheid een van die vername sake is waarop ooreengekom is tussen die navorser en die respondente.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



## 4.2 GEVALLESTUDIE 1: NELLIE

Nellie is agtien jaar oud en haar ouers is geskei toe sy ongeveer elf jaar oud was. Sy het gedragsprobleme ontwikkel nadat haar ouers geskei is. Haar ouers is albei weer getroud na die egskeiding.

### TABEL 1.1: NELLIE - BOU VAN DIE SIN VIR DIE SELF

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 3<br>Roosboom. | Nellie teken haar roosboom groot met baie blomme. Dit staan in 'n woud met baie bome en struike wat die roosboom omring. | Nellie noem dat die bome en struike haar familie is. Sy kry baie liefde van hulle, veral die groot boom wat haar ma is. Sy kry van die boom genoeg skadu (liefde) wanneer dit te warm word (wanneer sy dit nodig het).<br><br>Daar is rosies wat mooi oop is. Dit beeld haar toekoms uit en die tye toe haar ouers saam was. Daar is ook die rosies wat die seer dele in haar lewe weergee, soos haar ouers se egskeiding.<br><br>Veilige plek: groot boom wat vir haar genoeg skadu gee. | Nellie voel positief oor haarself en het die innerlike krag om 'n sukses van haar lewe te maak indien sy die regte keuses sou maak. Noem self dat sy 'n sterk wilskrag het.<br><br>Bied weerstand om oor die seer dele te praat. Sy is van mening dat sy dit reeds lankal verwerk het deur dit dood te smoor en daarvan te vergeet. Sy stem glad nie saam met die navorser dat dit miskien soms nodig is om daaroor te praat nie. Gee vir haar toestemming dat sy so mag voel. Nellie verdedig deur middel van defleksie. |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



TABEL 1.2: NELLIE - EMOSIONELE UITDRUKKING

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 4<br>Sandbak. | Nellie kan enige toneel in die sandbak uitbeeld oor die seer van een van die toe rosies in haar roosboom. Sy plaas slegs 'n teddiebeer in die een hoek van die sandbak en 'n perd in die ander hoek. | Die teddiebeer noem Nellie haar ma en die perd, haar pa. Sy noem dat sy die teddiebeer ver van die perd sit, omdat die perd altyd vir die teddiebeer geskop en geslaan het. Sy het as dogtertjie baie bang gevoel wanneer haar pa haar ma geslaan het. Sy wou altyd graag die buurman gaan roep, maar dit het gewoonlik laat in die aand gebeur.<br><br>Veilige plek: om haar kussing lekker styf vas te hou wanneer sy gaan slaap. | Dit is vir Nellie baie moeilik om te praat oor haar emosionele pyn wanneer haar pa vir haar ma geslaan het. Sy noem tog dat sy bang gevoel het, maar weier om oor verdere gevoelens te praat. |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



TABEL 1.3: NELLIE - EMOSIONELE UITDRUKKING

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 5<br>Klei | Nellie kan enige iets met die klei maak. Sy maak, met haar oë toe, 'n groot hart. | Nellie noem dat die hart 'n deel het wat mooi lyk, maar daar is ook dele soos die gate en groewe wat lelik is. Sy kan dit maklik deurtrek na haar eie lewe. Die mooi dele is haar toekoms: sy gaan vir haarself 'n goeie toekoms skep. Bemagtig Nellie op hierdie punt. Sy kan, sy is 'n wenner.<br><br>Daar is ook dele wat seer is soos toe haar pa haar ma geslaan het, terwyl hy onder die invloed van drank was. Sy het hom gehaat daarvoor, maar voel glad nie meer so nie; dis tye wat verby is. Nellie begryp die polariteit-beginsel, naamlik dat sy iemand baie lief kan hê, maar terselfdertyd ook kan haat.<br><br>Veilige plek: positiewe visie van haarself. | Nellie bied weerstand daarteen om 'n kwaadgevoel teenoor haar pa te besit. Sy word egter maklik bewus van die seer dele in haar lewe, omdat dit op haar voorgrond is. In haar rouproses voel sy nog baie aggressief, soos bespreek in 3.3.1.4. |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



**TABEL 1.4: NELLIE - EMOSIONELE UITDRUKKING**

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 6<br>Droom. | Nellie kan enige droom van haar teken. Sy teken haarself en haar boetie wat op hul huis se dak staan en wil afspring. Haar ma is baie senuweeagtig en gaan haal die buurman om hul van die dak af te haal. | Nellie noem dat dit vir haar baie lekker was om die droom te teken. Sy en haar boetie wou altyd van die huis se dak af spring. Sy was so tien jaar oud. Dit was vir haar baie avontuurlik. Sy besit maklik haar projeksie en noem dat dit nie altyd so lekker was nie. Sy moes soms sien hoe haar pa haar ma slaan. Haar pa het ook nie altyd baie aandag aan haar gegee nie. Dit gebeur nog steeds dat haar pa nie baie aandag aan haar gee nie, maar dit is haar stiefma se skuld. Sy haat haar stiefma daarvoor. | Baie aggressie word deur Nellie beleef teenoor haar pa, maar sy idealiseer hom soos bespreek in 3.5.4.<br><br>Aggressie blokkeer haar emosionele pyn, maar sy ontlaai baie van haar aggressiegevoelens in hierdie sessie. |
| Leë stoel. | Plaas stiefma in die leë stoel en daarna haarself. | Nellie kom maklik in besit van haar aggressie teenoor haar stiefma. Sy noem aan haar stiefma dat sy haar wil klap en skop. Gee toestemming aan haar dat sy dit in die speelkamer mag doen. Sy ontlaai teenoor haar stiefma. Plaas Nellie daarna in die rol van haar stiefma wat met "Nellie" in die leë stoel praat.<br><br>Noem aan "Nellie" dat hul aanvanklik 'n goeie verhouding gehad het, maar dat sy dit benadeel het deur byvoorbeeld voor te gee dat sy saam met haar vriend geslaap het. Sy weet nie hoe om "Nellie" te hanteer nie.<br><br>Veilige plek: Ma wat haar onvoorwaardelik lief het. | Integrasie vind plaas met die leë stoel. Sy begin ook verantwoordelikheid neem vir haar aandeel in die swak verhouding met haar stiefma. |

TABEL 1.5: NELLIE - SELFONDERHOUDING EN -VERTROETELING

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 7<br>Monster. | Nellie kan enige monster in haar lewe met klei maak. | Nellie maak 'n draak met die klei. Sy noem dat die monster ses jaar in haar lewe bestaan en dat daar nie ander mense is wat weet van die monster nie. Die monster se naam is die "misbruiker" en sy wil hom glad nie in haar lewe hê nie. Nellie raak hartseer, maar ook baie kwaad.<br><br>Die monster is haar stiefpa wat haar op twaalfjarige ouderdom betas het. Hy het gereeld in die aande na haar kamer gekom en aan haar genoem dat daar geen fout is om haar te betas nie. Nellie kom goed in kontak met haar gevoelens. Sy slaan en vernietig haar kleimodel.<br><br>Vertroeteling: Nellie kies uit 'n klomp teddiebeertjies, 'n beertjie wat haar twaalfjarige self kan simboliseer. Sy noem dat sy hierdie deel van haarself sal vertroos. | Nellie kom in hierdie sessie goed in kontak met haar gevoelens. Sy gaan deur die "impasse", waarna sy nuwe energie ontdek. Sy beskik oor die innerlike krag om haarself te onderhou. |

**TABEL 1.6: NELLIE - AFSLUITING**

<table>
<tr><th>Medium/tegniek</th><th>Opdrag en weergawe</th><th>Emosionele uitdrukking</th><th>Groei/weerstand getoon</th></tr>
<tr><td>Sessie 8<br>Padkaart.</td><td>Nellie teken 'n padkaart van haar lewe. Sy begin toe sy skool toe gegaan het tot waar sy nou is.</td><td>Op haar padkaart toon Nellie haar traumatiese dele uit soos haar ouers se egskeiding en molestering. Sy noem dat sy nou besef dat sy haar aggressie vererger het deur nie te praat oor haar seer dele nie. Sy voel nou baie beter.<br><br>Veilige plek: Nellie se slagspreuk wat sy positief kan benut op haar lewensreis vorentoe: "Gee net jou beste!"</td><td>Nellie kan nou makliker praat oor haar emosionele pyn en ervaar verligting.<br><br>In die evaluering noem sy dat sy haarself beter leer ken het en geleer het hoe om ontslae te raak van haar aggressie.</td></tr>
<tr><td>Glyskaal:<br>gevoelens oor ouers se egskeiding.</td><td>Hersien Nellie se gevoelens oor haar ouers se egskeiding soos weergegee in die eerste sessie.</td><td><u>Sessie 1</u><br>Glad nie ... Uiters<br>1 2 3 4 5 6<br>Hartseer |------|------|------X-----|------|<br>Aggressie |------|------|------|------|------X<br>Moedswillig |------|------|------|------|------X<br>Koppig |------|------|------|------|------X<br>Opstandig |------|------|------|------|------X<br>Teleurgesteld |------|------|------|-----X-----|<br><br><u>Sessie 8</u><br>Glad nie ... Uiters<br>1 2 3 4 5 6<br>Hartseer |------X-----|------|------|------|<br>Aggressie |------|------|------X-----|------|<br>Moedswillig X-----|------|------|------|------|<br>Koppig X-----|------|------|------|------|<br>Opstandig X-----|------|------|------|------|<br>Teleurgesteld X-----|------|------|------|------|</td><td>Dit is duidelik uit die glyskaal dat Nellie verantwoordelikheid begin neem het. Sy is nie meer so koppig en opstandig nie. Dit dra by om haar aggressie te verminder en haar rouproses te bevorder.</td></tr>
</table>

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



## 4.3 GEVALLESTUDIE 2: RIETA

Op 'n ouderdom van tien is Rieta se ouers geskei. Sy is nou sestien jaar oud. Haar ma is weer getroud, maar sy het heeltemal kontak verloor met haar pa. Hy is deur middel van 'n interdik verbied om haar voor agtienjarige ouderdom te kontak.

**TABEL 2.1: RIETA - BOU VAN DIE SIN VIR DIE SELF**

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 3<br>Roosboom. | Rieta teken haar roosbome groot met 'n huisie en blommetuin in die agtergrond. | Rieta is aanvanklik skepties om die opdrag uit te voer, maar teken tog haar roosboom. Sy noem dat haar roosboom nog jonk is met blommetjies wat oop en toe is. Daar is ook baie dorings aan dié roosboom. Sy kon haar projeksie besit en meld dat sy ook nog so jonk soos die roosboom is. Daar is nog toe blommetjies wat in die aand toegaan om nie te koud te kry nie. Daar is tye wat sy ook so toemaak soos dié blommetjies. Die dorings kan haar katterigheid wees met haar maats. Sy verkies om alleen te wees. Die huisie en tuin is haar ouma en oupa se huis waar sy as klein dogtertjie kon speel.<br><br>Veilige plek: Oupa en Ouma se huis en tuin. | Rieta bied weerstand om iets te skep omdat sy bang is die navorser kan iets in die prent sien wat sy liewer nie sou wou deel nie. Sy ervaar veiligheid wanneer daar aan haar verduidelik word dat die navorser nie die skepping sal interpreteer nie, maar dat sy dit gaan doen. Verkry beheer daardeur. In hierdie sessie wou sy nie uitbrei oor die tye wanneer haar blommetjies toemaak nie. |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)


**TABEL 2.2: RIETA - EMOSIONELE UITDRUKKING**

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 4<br>Teken en 'n gedig. | Lees aan Rieta die volgende gedig voor, waarna sy enige iets kan teken:<br><br>"Soms is my rosies toe - bot toe.<br>Ek voel die seer.<br>Ja, die pyn in my bors.<br>Ek voel my blaartjies skeur.<br>Oor my lippe, die dors.<br>Ek wens net iemand kan verstaan,<br>die eensaamheid,<br>verwerping en hulpkreet in my traan."<br><br>Rieta teken haar pa wat wegry van haar en sy wat wanhopig skree dat hy moet bly. | Rieta raak emosioneel en hang haar skouers. Sy verlang na haar pa wat weg is, omdat hul soveel gedeel het. Sy is kwaad vir haar ma omdat dit haar skuld is dat haar pa weg is, maar sy voel ook skuldig dat sy haar ma afskeep. Rieta noem dat dit vir haar nie maklik is om te praat oor die seer dele nie. Dit is die eerste keer in vyf jaar wat sy daaroor praat. Sy het net hartseer drome oor haar pa. Rieta noem op die versoek van die navorser dat sy ook lekker drome van haar pa kan hê - al sou dit ook dagdrome wees. Haar energievlakke styg met die idee en sy sit meer regop in haar stoel.<br><br>Veilige plek: lekker drome van Pa. | Rieta se emosionele pyn oor haar pa is op haar voorgrond. In die sessie word sy bewus gemaak daarvan dat sy ook lekker drome van hom kan hê. Die seer is daar, maar niemand kan die mooi dele wegneem nie en sy mag ook daaroor droom. Rieta word hierdeur bemagtig en 'n veilige plek word geskep.<br><br>Dit is moontlik dat Rieta deur haar pa seksueel gemolesteer is. Sy noem dat hul spesiale dinge gedoen het. Die interdik plaas ook 'n vraagteken. |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



**TABEL 2.3: RIETA - EMOSIONELE UITDRUKKING**

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 5<br>Klei. | Rieta kon met haar toe oë enige model uit klei maak. Sy maak haar pa. | Die eienskappe wat Rieta aan haar kleimodel toedig, kan sy nie na haarself deurtrek nie, omdat dit haar pa se eienskappe is en nie hare nie. Sy kan egter in gesprek tree met die kleimodel deur aan haar pa te noem dat sy hom baie lief het en dat sy na hom verlang. Sy het saam met hom gespeel, by vriende gekuier en huiswerk gedoen. Sy voel skuldig oor die egskeiding omdat haar pa meer tyd aan haar spandeer het as aan haar ma. Sy is kwaad vir haar ma, omdat haar ma beweer het dat sy en haar pa saam gedrink het en dat haar pa haar gemolesteer het. Rieta ontken dit.<br><br>Veilige plek: haar lekker tye saam met Pa. | Rieta beleef skuldgevoelens oor die egskeiding soos bespreek in 3.3.1.5. Sy noem dat sy vir haar ma kwaad is, maar besit nie die gevoel nie. Sy besit wel haar hartseer oor haar pa. Rieta het 'n behoefte om te praat oor haar pa en sy kry in die sessie geleentheid om dit te doen. |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



**TABEL 2.4: RIETA - EMOSIONELE UITDRUKKING**

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 6<br>Droom. | Rieta kan enige droom teken. Sy teken haar kamer by haar ma se huis, hul motor en haar sussie wat haar verwelkom. | Rieta noem dat dit vir haar lekker is om die droom te teken. Sy wil graag daar wees. Sy is baie opgewonde omdat sy dink haar ma en pa kan moontlik weer trou. Sy het met haar ma gepraat oor die telefoon en dit het vir haar geklink of haar ma kontak gehad het met haar pa, maar haar ma wou dit nie bevestig nie. Rieta meld dat haar ma al aan haar genoem het dat sy 'n fout gemaak het om te skei van haar pa.<br><br>Veilige plek: die hele onderhoud bied vir Rieta veiligheid, hoewel dit vals is. Sy bied weerstand om die fantasie te verruil vir die werklikheid, omdat haar ma dit moontlik bevestig. | Rieta se ma kan haar in die fantasie fase van rou hou, soos bespreek in 3.3.1.3. Dit bevestig die belangrike rol wat ouers het in die rouproses soos bespreek in 3.3.3.1. Rieta se ma kan haar terughou om te vorder in haar rouproses tot by aanvaarding. |

## TABEL 2.5: RIETA - SELFONDERHOUDING EN - VERTROETELING

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 7<br>Monster. | Rieta kan 'n monster in haar lewe teken of met klei maak. Sy kies die klei en maak haar monster versigtig met groterige voete. | Rieta noem dat die monster reeds agt jaar in haar lewe bestaan. Dit is 'n monster uit 'n rillerfliek wat sy gesien het saam met haar pa. Sy het selfs 'n plakkaat van die monster wat sy op 'n stadium agter haar kamerdeur geplak het, maar dit het vir haar gelyk asof hy uit die plakkaat na haar wil kom. Soms lyk die monster of dit haar pa kan wees. Die monster maak haar bang, maar sy wil hom glad nie vernietig nie, omdat hy haar meester is. Navorser probeer die monster herformuleer deur haar jammer te maak vir hom, maar sonder sukses. Rieta is regtig bang vir hierdie monster. Sy wil glad nie verdere inligting oor die monster gee nie.<br><br>Veilige plek: ten spyte daarvan dat sy bang is vir die monster, kan sy steeds met haar lewe voortgaan. | Rieta bied weerstand om inligting te gee oor haar monster. Sy kan wel haar banggevoel vir hom besit.<br><br>Onderhouding van die kleiner self, word nie in hierdie sessie verkry nie, omdat Rieta die monster het.<br><br>Navorser dink aan die moontlikheid dat Rieta se pa die monster is wat haar gemolesteer het. |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



**TABEL 2.6: RIETA - AFSLUITING**

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 8<br>Padkaart. | Rieta kan 'n padkaart van haar lewe teken en op enige stadium in haar lewe begin. Sy begin haar padkaart met haar geboorte. Daar is baie gevaartekens en skerp draaie op haar padkaart. | Rieta noem aan die begin van die onderhoud dat sy hartseer voel oor die afsluiting. Sy wou nog baie dingetjies gedeel het met die navorser. Sy sug ook baie terwyl sy die padkaart teken. Rieta verwys na 'n skerp draai op haar padkaart en wil aanvanklik nie daaroor praat nie. Sy begin baie te huil en noem dat sy op die ouderdom van agt/nege jaar betrokke geraak het by satanisme. Sy het ook dwelms misbruik en sy sal nooit kindertjies van haar eie kan hê nie. Sy is gemolesteer deur 'n vriend en haar baarmoeder moes verwyder word omdat sy siek geword het daarna.<br><br>Die monster wat sy in die vorige sessie geteken het, is haar afhanklikheid van dwelms. Sy probeer baie hard om nie betrokke te raak by satanisme en dwelms nie.<br><br>Rieta noem dat al bogenoemde sake, pogings was om haar ouers te versoen. Sy voel skuldig teenoor haar ma omdat sy vir haar baie hartseer veroorsaak. | In hierdie sessie beweeg Rieta deur die impasse laag, haar verdediging is min en sy kom weerloos voor. Sy kom goed in kontak met haar gevoelens en besit dit. Sy probeer ook haar ouers versoen soos bespreek in 3.3.1.2 en sy het betrokke geraak by dwelms en seks soos bespreek in 3.2.3.<br><br>Die moontlikheid dat haar monster verband hou met satanisme is ook daar.<br><br>In die evaluering noem Rieta dat sy emosioneel beter voel nadat sy oor haar seer dele gepraat het. |

**TABEL 2.6: RIETA - AFSLUITING (vervolg)**

<table>
<tr><th>Medium/tegniek</th><th>Opdrag en weergawe</th><th>Emosionele uitdrukking</th><th>Groei/weerstand getoon</th></tr>
<tr>
<td>Glyskaal: gevoelens oor ouers se egskeiding.</td>
<td>Hersien Rieta se gevoelens oor haar ouers se egskeiding soos weergegee in die eerste sessie.</td>
<td>Selfvertroeteling en veilige plek: Rieta word toegelaat om 'n groot sagte kussing vas te hou en 'n teddiebeertjie te kies wat haar kleiner self op die ouderdom van agt/nege jaar kan simboliseer. Die beertjie kan deur haar groter self vertroos en vertroetel word.<br><br>Haar leuse vir haar lewenspad vorentoe: "Leef vir nou".<br><br><u>Sessie 1</u><br>Glad nie Uiters<br>1 2 3 4 5 6<br>Hartseer |------|------|------|-----X------|<br>Bang |------|------|------|-----X------|<br>Alleen |------|------|------|-----X------|<br>Teruggetrokke |------|------]------|------|------X<br>Verward |------|------|------X-----|------|<br>Woedend |------|------|------|-----X------|<br>Geskok |------|------|------X-----|------|<br>Gefrustreerd |------|------|------X-----|------|<br>Skuldig |------|------|------|-----X------|</td>
<td>Wanneer die twee glykaarte vergelyk word, lyk dit oënskynlik dat daar nie groei plaasgevind het nie, maar dit toon juis dat sy in besit gekom het van haar gevoelens, deurdat sy in die sessie deur die impasse laag beweeg het. Haar rouproses kan van hier vinniger vorder indien daar samewerking verkry kan word van haar ma.</td>
</tr>
</table>

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



TABEL 2.6: RIETA - AFSLUITING (vervolg)

<table>
<tr><th>Medium/tegniek</th><th>Opdrag en weergawe</th><th>Emosionele uitdrukking</th><th>Groei/weerstand getoon</th></tr>
<tr><td></td><td></td><td><u>Sessie 8</u><br>Glad nie Uiters<br>1 2 3 4 5 6<br>Hartseer |------|------|------|-----X------|<br>Bang |------|------|------X-----|------|<br>Alleen |------|------|------|------X-----|<br>Teruggetrokke |------|------|------X-----|------|<br>Verward |------|------|------|------X-----|<br>Woedend |------|------|------X-----|------|<br>Geskok |------|------|------|------X-----|<br>Gefrustreerd |------|------|------X-----|------|<br>Skuldig |------|------|------|------|------X</td><td></td></tr>
</table>

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



## 4.4 GEVALLESTUDIE 3: SUSAN

Susan se ouers het ernstige huweliksprobleme sedert sy kan onthou. Die egpaar is ongeveer 'n jaar gelede geskei met geen hertroue aan beide kante nie.

**TABEL 3.1: SUSAN - BOU VAN DIE SIN VIR DIE SELF**

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 3<br>Roosboom. | Lees Oaklander se voorstelle oor die roosboom voor, soos bespreek in ........ Susan teken haar roosboom kreatief en groot oor die bladsy. Haar roosboom staan in die woestyn met niemand wat dit versorg nie. | Susan kan haar projeksie besit en meld dat sy soos die roosboom op haarself aangewese is. Sy voel baie alleen en het 'n swak selfbeeld. Voel baie kwaad dat sy in Rosenhof is, dit neem haar beheer weg.<br><br>Sy het haar kamer se deur gebreek as gevolg van aggressie, maar sy is nou spyt daaroor. Susan voel hartseer oor haar ouers se egskeiding. Sy besef dit is beter vir hulle, maar nie vir haar nie. Sy verlang veral na tye toe hul saam was.<br><br>Veilige plek: haar mooi toekoms wat sy vir haarself in een van die rosies visualiseer. | Egskeiding dra by tot Susan se swak selfbeeld, soos bespreek in 3.2.6.<br><br>Aggressie word intens beleef, soos verwys in 3.3.1.4.<br><br>Susan beleef ook verwerping, soos weergegee in 3.3.1.6.<br><br>Sy ervaar veral verlies oor haar ouers wat nie meer as 'n eenheid sal kan funksioneer nie, soos bespreek in 3.5.2.<br><br>Sin vir verantwoordelikheid is daar, omdat sy noem sy kan kies hoe haar toekoms kan lyk. |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



**TABEL 3.2: SUSAN - EMOSIONELE UITDRUKKING**

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 4<br>Sandbak. | Susan kan enige seer deel van haar roosboom in die sandbak uitbeeld.<br>Sy plaas 'n groot slang, krokodil, bok, akkedis, olifant en 'n paar bossies in die sandbak. | Susan identifiseer maklik met die krokodil wat doodgewurg word deur die slang. Die slang is haar ouers se egskeiding wat haar seermaak en die eensaamheid wat sy beleef. Daar is niemand wat haar kan bystaan nie. Laat Susan 'n kussing vashou nadat sy in kontak gekom het met haar alleengevoel. Sy kan nie vir die kussing 'n naam kry nie. Susan het ook geen sagte teddiebeertjie in haar kamer wat sy kan vashou nie. Sy sal egter haar kopkussing vashou en dink aan 'n naam. Susan tree in gesprek met die bok wat haar vriende is en haar in die steek laat. Die akkedis is haar pa en sy kan later, met die hulp van die navorser, erken dat hy haar graag wil help. Die akkedis sal selfs die olifant (ander hulp kry) gaan roep om die krokodil uit die greep van die slang te kry.<br><br>Veilige plek: haar pa. | Susan bied aanvanklik weerstand om te erken dat haar pa haar graag wil bystaan, maar ervaar verligting nadat sy beleef haar pa het haar nie in die steek gelaat nie. |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



**TABEL 3.3: SUSAN - EMOSIONELE UITDRUKKING**

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 5<br>Klei. | Laat Susan met toe oë enige model uit klei maak. | Voordat Susan haar kleimodel maak, noem sy dat sy haar kussing "Elma" genoem het. Dit is haar ma se naam. Sy kon die kussing ook vashou. Susan maak 'n gesig uit die klei en noem dat sy, net soos die kleimodel, eensaam voel. Sy is die naaste aan haarself en vertrou mense nie maklik nie. Sy voel veral kwaad vir haar ma wat haar nie verstaan en vertrou nie, maar sy verstaan haarself eintlik ook nie. | Die naam van Susan se kussing toon haar behoefte aan haar ma se nabyheid, maar tog is sy kwaad vir haar. Integrasie vind plaas met die leë stoel, deurdat sy haar ma se posisie beter begryp. Ontwikkel insig in haarself deurdat sy noem dat sy nie eintlik kan verwag dat iemand haar moet verstaan, terwyl sy haarself nie eers verstaan nie. Dit is kenmerkend van 'n adolessent in haar posisie, soos weergegee in 3.2.6. |
| Leë stoel. | Plaas Susan se ma in die leë stoel en daarna haarself. | Susan noem aan haar ma in die leë stoel dat sy hartseer en kwaad is, omdat sy haar nie vertrou nie. Sy wil haar 'n ruk gee, maar sal dit nie doen nie, omdat sy haar ma te veel respekteer. Laat Susan die rol van haar ma inneem en met haarself praat in die leë stoel. Noem aan "Susan" dat sy haar nie kan vertrou nie - sy loop weg en gebruik dwelms. Sy weet nie hoe om haar te hanteer nie.<br><br>Gee opdrag aan Susan dat indien sy aggressie teenoor haar ma beleef, sy haar kussing kan slaan.<br><br>Veilige plek: Susan se selfkennis wat verbreed. | |

**TABEL 3.4: SUSAN - EMOSIONELE UITDRUKKING**

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 6<br>Droom teken. | Susan kan enige droom van haar teken. Sy teken 'n sittende towenaar met 'n boek in sy hand. | Voor Susan die droom teken, noem sy dat sy wel haar kussing goed kon slaan en beter gevoel het daarna. Sy begryp die polariteit dat sy vir haar ma kan kwaad voel, maar terselfdertyd ook lief kan hê.<br><br>Susan kan aanvanklik glad nie dink wat die verskillende dele van haar prentjie vir mekaar sê nie. Sy verkies om die leë, wit agtergrond van haar prentjie te wees. Haar eensaamheid en verwerping weer op die voorgrond. Emosionele deurbraak word verkry deurdat sy noem dat die towenaar aan die leë agtergrond idees voorlees oor hoe dit in 'n warm blommetuin kan verander. Susan teken mooi blommetjies in die agtergrond wat simboliseer wat sy positief in haar lewe kan benut:<br><br>* mense, te wete haar ouers<br>* gebeure - sy is nog net sewe maande in Rosenhof<br>* gevoelens - liefde wat sy aan haar ouers kan gee deur meer tyd saam met hulle te spandeer<br>* denke - positief te voel oor haarself<br><br>Veilige plek: Susan se steunstelsels. | Susan se eensaamheid en verwerping word minder soos wat sy haar steunstelsels erken en ontgin. Sy kon in hierdie sessie deur die impasse laag beweeg. |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



**TABEL 3.5: SUSAN - SELFONDERHOUDING EN -VERTROETELING**

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 7<br>Monster teken. | Susan kan enige monster in haar lewe teken. Sy teken 'n wreedaardige monster met gloeiende rooi oë. | Susan noem dat die monster reeds vier jaar in haar lewe bestaan. Daar is nie ander mense wat van hom weet nie en sy naam is "Killa". Die monster maak haar bang, maar sy wil hom nie nou vernietig nie. Sy het die monster nodig; sy sal hom graag wil vernietig ná skool. Sy wil glad nie verder uitbrei oor die monster nie.<br><br>Selfvertroeteling en veilige plek: laat Susan 'n "fairy godmother" teken by wie sy eerder skuiling kan kry as by "Killa". Dit lyk of sy dit geniet om die "fairy godmother" te teken, want sy glimlag terwyl sy teken. Sy noem dat sy sal probeer dat die "fairy godmother" die plek van "Killa" kan inneem. | Susan erken haar monster, maar bied weerstand om meer van hom te vertel. Dit is positief, omdat sy weet die monster sal moontlik nie deur die navorser goedgekeur word nie. Dit is belangrik vir 'n positiewe sin van die self.<br><br>Selfonderhouding van 'n kleiner deel van die self kan nie bereik word deur die monstertegniek nie, omdat Susan se monster 'n noodsaaklike werklikheid in haar lewe is. Die "fairy godmother" se fantasie is ook nie genoeg om die monster te verdring nie. |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



**TABEL 3.6: SUSAN - AFSLUITING**

<table>
<tr><th>Medium/tegniek</th><th>Opdrag en weergawe</th><th>Emosionele uitdrukking</th><th>Groei/weerstand getoon</th></tr>
<tr><td>Sessie 8<br>Teken 'n padkaart.</td><td>Susan kan 'n padkaart van haar lewe teken en op enige ouderdom begin. Sy teken 'n kleurvolle padkaart met smaller en breër dele.</td><td>Susan meld dat sy op haar lewenspad met dwelms in aanraking gekom het. Dit is vir haar baie moeilik om dit te los, maar sy sal haar pa se hulp ná skool inroep. Hy het aan haar genoem dat hy vir haar die fondse sal voorsien om te gaan na 'n rehabilitasiesentrum. Die dwelms, haar monster, het sy nou nodig. Susan erken dat sy die monsters sien wanneer sy op 'n "high" is. Haar ouers se verhouding was vir haar 'n krisis, maar sy aanvaar die egskeiding nou beter.<br><br>Veilige plek: haar pa se hulp.<br><br>Haar leuse vir haar lewenspad vorentoe: "Veg vir jou regte en neem verantwoordelikheid".</td><td>Die swak verhouding tussen Susan se ouers kon daartoe gelei het dat sy betrokke geraak het by dwelms, soos verwys in 3.2.3.<br><br>Dit is veral positief dat sy haarself kan motiveer om haar steunstelsel in haar lewe te benut.</td></tr>
<tr><td>Glyskaal:<br>gevoelens oor ouers se egskeiding.</td><td>Hersien Susan se gevoelens oor haar ouers se egskeiding, soos weergegee in die eerste sessie.</td><td><u>Sessie 1</u><br>Glad nie ... Uiters<br>1 2 3 4 5 6<br>Verlig |------|------|------|-----X------|<br>Verward |------|------|------X-----|------|<br>Ongelukkig |------|------|------X-----|------|<br>Seergemaak |------|------|------X-----|------|<br>Skuldig |------|------|------|------X-----|<br>Besluitloos |------|------|------|------|------X</td><td>Die glyskale gee tog 'n aanduiding dat Susan gevorder het in haar rouproses. Sy noem ook in haar evaluering dat sy meer van haarself geleer het. Haar ouers se egskeiding was vir haar 'n krisis, maar sy aanvaar dit nou beter.</td></tr>
</table>

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



TABEL 3.6: SUSAN - AFSLUITING (vervolg)

<table>
<tr><th>Medium/tegniek</th><th>Opdrag en weergawe</th><th>Emosionele uitdrukking</th><th>Groei/weerstand getoon</th></tr>
<tr><td></td><td></td><td><u>Sessie 8</u><br>
<table>
<tr><th></th><th>Glad nie ... Uiters<br>1 2 3 4 5 6</th></tr>
<tr><td>Verlig</td><td>|------|------|------|-----X------|</td></tr>
<tr><td>Verward</td><td>X-----|------|------|-----|-------|</td></tr>
<tr><td>Ongelukkig</td><td>|------X-----|------|-----|-------|</td></tr>
<tr><td>Seergemaak</td><td>|-----X-----|------|-----|-------|</td></tr>
<tr><td>Skuldig</td><td>|------|-----X-----|-----|-------|</td></tr>
<tr><td>Besluitloos</td><td>|------|-----X-----|-----|-------|</td></tr>
</table></td><td></td></tr>
</table>

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



## 4.5 GEVALLESTUDIE 4: HEIN

Hein se ouers het geskei toe hy twaalf jaar oud was. Hulle is weer getroud toe hy veertien jaar oud was en is nou weer besig met 'n egskeiding. Hein is nou sestien jaar oud.

**TABEL 4.1: HEIN - BOU VAN DIE SIN VIR DIE SELF**

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 3<br>Roosboom. | Hein teken sy roosboom nadat Oaklander se voorstelle aan hom voorgelees is. Hy teken 'n klein roosboompie wat alleen bo-op 'n kaal koppie staan. Die see omring die koppie. | Hein noem dat hy alleen voel soos die roosboom. Daar is niemand wat hom werklik verstaan nie. Hy het begin om dagga te rook, net om "cool" te wees. Dit gebeur ongeveer twee keer 'n maand. Hy is ook net soos die roosboom die middelpunt van aandag. Sy ouers en onderwysers sien hom net altyd raak en hul weet, op die een of ander manier, wanneer hy verkeerde dinge doen. Dit laat hom veral ontevrede voel wanneer sy ma ongelukkig is wanneer hy Sondae na die AGS Kerk toe gaan, maar dit is vir hom 'n "cool" kerk. Sy ouers is in die N.G. Kerk, maar gaan nie kerk toe nie.<br><br>Veilige plek: Hein se behoefte om 'n verhouding met God te hê. | Hein beleef verwerping, soos bespreek in 3.2.3. Hy ervaar dat almal se aandag op hom gevestig is, soos weergegee in 3.2.1.<br><br>Dwelmmisbruik het sy verskyning gemaak, soos beskryf in 3.2.6.<br><br>Hein kon maklik identifiseer met die roosboom en in kontak kom met sy gevoelens. |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



**TABEL 4.2: HEIN - EMOSIONELE UITDRUKKING**

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 4<br>Droom teken. | Hein kan enige droom teken. Hy teken 'n groot bruin leeu wat lyk asof hy iets aanval. | Hein noem dat hy die droom baie droom. 'n Leeu val iets aan, maar hy weet self nie wat nie. Die leeu is sterk en baie kwaai. Hein identifiseer met die leeu en noem dat hy net soos die leeu baie kwaad vir sy ouers is. Hy wil hulle aanval, veral sy ma. Sy ma kla net altyd oor hom. Hy wou graag op twaalf jaar gehad het dat hulle nie moet skei nie, maar nou gee hy nie meer om nie. Hy is kwaad vir hulle, omdat hulle weer getroud is en nog erger as voorheen baklei. Hulle skei nou weer en hy wil by sy pa gaan bly.<br><br>Veilige plek: sy sterkte soos dié van die leeu wat wel krisisse kan hanteer. | Dit is duidelik dat die konflik tussen Hein se ouers vir hom erger is as die egskeiding, soos ook verwys in 3.6.<br><br>Hy idealiseer sy pa, soos in 3.5.4.<br><br>Hy het ook 'n swakker verhouding met sy ma, soos bespreek in 3.6.<br><br>Hein se wens is dat sy pa toesig en beheer kry, soos aanbeveel in 3.6.<br><br>Gedurende die sessie kon Hein veral sy aggressie besit en uitspreek. |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



**TABEL 4.3: HEIN - EMOSIONELE UITDRUKKING**

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 5<br>Sandbak. | Lees aan Hein die volgende projeksie voor, waarna hy enige iets in die sandbak kan uitbeeld:<br><br>"Soms wonder ek<br>Soms droom ek<br>Soms wens ek<br>Kan ek maar nie net ..........<br>Soms voel ek die pyn, die seer en die trane<br>Ja, ook soms die kwaad, moontlik ook die haat<br>Al wat ek weet is dat die seer my siel oorspoel<br>Ek wat aan ander se verwagtinge moet voldoen.<br>Ek wat moet saamstem vir die vrede daarna.<br>Waar lê my keuse/my verantwoordelikheid<br><br>Mag ek maar net ek wees, sonder pleit.<br>Soms wonder ek<br>Soms droom ek<br>Ja, soms wens ek<br>Kan ek maar nie net .........." | Hein se soldaatjies begin in gesprek tree met mekaar. Die een groep is sy pa en hy. Die ander groep stel sy ma voor. Baie aggressie en ontevredenheid oor sy ma word uitgespreek. Hein noem dat sy ma net altyd baklei en aan hom wil voorskryf. Hy kan dit glad nie hanteer nie. Hy begin met 'n fisiese geveg met die groep soldate wat sy ma voorstel. Dié soldate word later almal onder die sand begrawe. Hein en sy pa, wat die vliegtuig is, vier hul oorwinning. Hein noem dat dit vir hom 'n baie lekker sessie was.<br><br>Veilige plek: die liefde van sy pa. | Hein kry beheer deur die sessie.<br><br>Idealiseer beslis sy pa.<br><br>Outokratiese ouerskapstyl van sy ma verhoog sy aggressie, soos bespreek in 3.2.6. |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



**TABEL 4.3: HEIN - EMOSIONELE UITDRUKKING (vervolg)**

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
| --- | --- | --- | --- |
| | Hein plaas rooi soldate met hul vliegtuig in die een hoek van die sandbak. In die ander hoek, groen soldate met hul vliegtuig. | | |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



**TABEL 4.4: HEIN - EMOSIONELE UITDRUKKING**

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 6<br>Klei.<br><br>Leë stoel. | Hein kan met toe oë enige model maak. Hy bou sy ma.<br><br>Plaas Hein se ma in die leë stoel en daarna homself. | Hein noem dat hy baie kwaad voel vir sy ma terwyl hy die model maak. Hy voel hy wil die model slaan. Gee hom toestemming om dit te doen.<br><br>Hein sukkel om met sy ma in die leë stoel te praat. Hy noem aan die navorser dat hy nie met iemand kan praat wat hy nie kan sien nie. Hy sê tog aan sy ma dat hy nie daarvan hou dat sy hom altyd wil verander nie, soos bevoorbeeld met betrekking tot sy hare.<br><br>Plaas Hein in die rol van sy ma wat met "Hein" praat. Noem aan "Hein" dat sy baie hard werk om vir hul te sorg, terwyl sy pa nie omgee dat hy 'n swak salaris kry nie. | Hein rig die meeste van sy aggressie op sy ma. Sy is die ouer wat volgens hom al die foute het, soos bespreek in 3.3.1.3.<br><br>Hein kon redelik van sy aggressie ontlaai in die sessie. Hein se ma is moontlik self emosioneel onstabiel en nie in staat om effektief uit te reik na haar kinders en hul by te staan in hul rouprosesse nie, soos weergegee in 3.3.1.3. |

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



**TABEL 4.5: HEIN - SELFONDERHOUDING EN -VERTROETELING**

| Medium/tegniek | Opdrag en weergawe | Emosionele uitdrukking | Groei/weerstand getoon |
|---|---|---|---|
| Sessie 7<br>Monster teken. | Hein kan enige monster in sy lewe teken. Hy teken slegs 'n groot ronde sirkel. | Die monster het in sy lewe gekom toe hy twaalf jaar oud was. Daar is niemand wat van die monster weet nie. Die monster is die leë niks binne die sirkel. Die alleenheid wat hy beleef, niemand verstaan hom nie en hy wens sy ouers het nie soveel konflik gehad nie. Die monster se naam is "Alleen".<br><br>Selfonderhouding en -vertroeteling: laat Hein uit 'n aantal skulpe, 'n skulp kies wat Hein op twaalfjarige ouderdom kan simboliseer. Hy kies 'n skulpie met 'n gaatjie in die middel. Hein glimlag tevrede toe hy die skulpie kies en noem dat die skulpie hom sal herinner aan die klein seuntjie wat seer ervaar het toe sy ouers geskei is.<br><br>Veilige plek: skulpie. | Hein beleef in die sessie 'n behoefte aan versoening tussen sy ouers, hoewel hy weet dit is nie moontlik nie, soos bespreek in 3.3.1.8.<br><br>Hein beweeg moontlik deur die impasse laag in die sessie. Hy kom goed in kontak met die verwerping en alleenheid wat hy beleef as gevolg van sy ouers se konflik. |

**TABEL 4.6: HEIN - AFSLUITING**

<table>
<tr><th>Medium/tegniek</th><th>Opdrag en weergawe</th><th>Emosionele uitdrukking</th><th>Groei/weerstand getoon</th></tr>
<tr><td>Sessie 8<br>Padkaart.</td><td>Hein kan 'n padkaart van sy lewe teken en op enige stadium begin. Hein teken sy padkaart baie eenvoudig met 'n ongeluk by 'n kruising.</td><td>Hein noem dat die ongeluk sy ouers se egskeiding is. Hy besef hy kon dit nie verhoed nie. Hy sal wel met sy lewe kan aangaan. Hy hoop net nie dat hy eendag sulke foute soos sy ouers sal maak nie.<br><br>Veilige plek: Hein se leerervaring uit sy ouers se foute.<br><br>Sy leuse vir sy lewenspad vorentoe: "Leer uit jou foute".</td><td>Hein het wel skuldgevoelens oor sy ouers se egskeiding, soos weergegee in 3.3.1.5. Hy beskou sy ouers se egskeiding as 'n leerervaring vir sy lewe, soos aanbeveel in 3.6.<br><br>In sy evaluering noem Hein dat hy nie meer so kwaad voel nie. Hy besef dat albei sy ouers nog steeds vir hom omgee.</td></tr>
<tr><td>Glyskaal: gevoelens oor ouers se egskeiding.</td><td>Hersien Hein se gevoelens oor sy ouers se egskeiding soos weergegee in die eerste sessie.</td><td><u>Sessie 1</u><br>Glad nie … Uiters<br>1 2 3 4 5 6<br>Onsmaaklik |------|------|------|------|-----X------|<br>Koppig |------|------|------|------|-----X------|<br>Verleë |------|------|------|------X-----|------|<br>Woedend |------|------|------|------|------|------X<br>Aggressief |------|------|------|------|------|------X<br>Hartseer |------|------|------|------|-----X------|<br><br><u>Sessie 8</u><br>Glad nie … Uiters<br>1 2 3 4 5 6<br>Onsmaaklik |------|------|------|------X-----|------|<br>Koppig |------|------|------X-----|------|------|<br>Verleë |------|------|------X-----|------|------|<br>Woedend |------|------|------X-----|------|------|<br>Aggressief |------|------|------X-----|------|------|<br>Hartseer |------|------|------X-----|------|------|</td><td>Glyskale toon dat Hein wel gevorder het in sy rouproses. Aggressie en woede het veral afgeneem.</td></tr>
</table>

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



## 4.6 SAMEVATTING

'n Vertrouensverhouding kon redelik gou opgebou word met die respondente. Deur middel van Gestaltspelterapie kon daar effektief aangesluit word by die gevoelens van die respondente in hul rouprosesse. Die respondente het ook geen ongemak beleef om die verskillende spelmediums te benut nie, selfs nie Hein wat graag "cool" wou wees nie.

Die projeksies kon besit word deur al die respondente en dit het hulle aangemoedig om te praat oor hul gevoelens. Gevoelens van aggressie was veral op die voorgrond van die respondente.

Dit is opvallend dat al die respondente in hul evaluerings genoem het dat hul hulself beter kon leer ken. Die spelterapie kon dus elkeen se innerlike krag versterk, wat hul as ondersteuning kon benut om deur die rouproses te vorder.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



# HOOFSTUK 5

## 5. SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

### 5.1 INLEIDING

In die ondersoek is daar gelet op die benutting van gestaltspelterapie met die adolessent in 'n egskeidingsituasie. Faktore wat belangrik is in die hulpverlening aan die adolessent in dié posisie is saamgevat vanuit 'n maatskaplikewerk-perspektief.

### 5.2 EVALUERING VAN DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die doelstelling van hierdie studie was om gestaltspelterapie te benut met adolessente in 'n egskeidingsituasie, ten einde die invloed hiervan op die verwerking van die rouproses te verken. In hierdie studie kon die doel bereik word deur vier adolessente uit die Landrosgebied van Bloemfontein te betrek deur middel van 'n doelgerigte steekproef. Hul ouderdomme was tussen twaalf en agtien jaar en het hul aan die wit kultuur behoort. Al vier adolessente was ontvanklik vir gestaltspelterapie en die invloed daarvan op die verwerking van die rouproses kon deur middel van die navorsing verken word.

Die eerste doelwit was om 'n literatuurstudie te doen van gestaltspelterapie, sodat die navorser oor voldoende kennis en vaardighede kan beskik vir die praktiese gevallestudies in die navorsing. Hierdie doelwit kon bereik word deur bronne te bestudeer van gestaltterapie en spelterapie onderskeidelik.

Die tweede doelwit was om 'n literatuurstudie te doen van die adolessent en sy rouproses ná 'n egskeiding, sodat die navorser voldoende kennis kan hê om in samevloeiing te kan wees met die respondente in die studie. Die doelwit is bereik deur verskeie bronne te bestudeer oor die onderwerp. Dit het daartoe bygedra dat die navorser selfvertroue ontwikkel het om met die teikengroep te werk. Dit het ook daartoe bygedra dat die navorser in samevloeiing met die respondente kon wees, omdat sy kennis ingewin het oor die bepaalde ontwikkelingstadium.

Die derde doelwit was om deur middel van 32 gevallestudies vier adolessente in 'n egskeiding aan gestaltspelterapie bloot te stel, sodat die invloed hiervan op die verwerking van die rouproses verken kan word. Hierdie doelwit kon bereik word deur elke adolessent bloot te stel aan agt gevallestudies. Tydens die gevallestudies kon die rouproses van elke respondent verken word.

Die vierdie doelwit was om na aanleiding van die gevallestudies gevolgtrekkings en aanbevelings oor die benutting van gestaltspelterapie met die adolessent in 'n egskeidingsituasie te maak. Die navorser kon hierdie doelwit bereik deurdat haar kennis, vaardighede en gesindheid verhoog is met die literatuurstudies, emperiese ondersoek en navorsingbevindinge.

## 5.3 BEVINDINGE

Egskeiding is traumaties vir die adolessent, maar ook vir die ouers. Ouers wat nie deur die rouproses beweeg nie, beïnvloed die adolessent se verwerking van die egskeiding. Ouers wat fantaseer dat hul weer kan versoen dra die boodskap ook oor aan die adolessent en dan val die kind vas in die fantasie fase.

Daar is bevind dat gestaltspelterapie die adolessent effektief kan help om die egskeiding te aanvaar en selfonderhoudend te kan wees.

Die roosboomtegniek is goed benut om die sterktes van die respondente te identifiseer, maar ook die dele wat seer is. Dit was 'n goeie aanknopingspunt vir die volgende intervensie waar daar gefokus is op emosionele uitdrukking.

Dit was opvallend dat al vier respondente die pa geïdealiseer het, moontlik omdat hy die figuur van "Kersvader" inneem met min dissipline soos verwys in die literatuur. Die seun het veral aggressie teenoor sy ma gehad weens haar outokratiese ouerskapstyl. Hy het die begeerte uitgespreek dat sy pa toesig en beheer kon hê oor hom.

Onderliggend aan emosionele pyn is aggressie. Die leë stoel is 'n effektiewe tegniek om die aggressie te ontlaai sodat daar integrasie kan plaasvind.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)


Verwerping en skuldgevoelens is op die voorgrond van die adolessent in 'n egskeiding. Dit beïnvloed hul selfbeeld. Deur die adolessent se innerlike krag te versterk kan hul selfbeeld verbeter word.

Drie van die vier adolessente was reeds betrokke by dwelmmisbruik. Dit het 'n invloed gehad op die benutting van die monstertegniek. Die navorser het beplan om die monster te benut met die doel om selfonderhouding te bereik van die kleiner self. Die twee adolessente wat 'n gevorderde stadium van dwelmafhanklikheid bereik het, het nie monsters geteken wat verband hou met iets uit hul verlede nie, maar dit was "MONSTERS" wat hul in hul geesteswêreld sien wanneer hul onder die invloed van dwelms is. Dié monsters het hul regtig bang gemaak, maar hul wou dit nie vernietig nie, omdat hul die monsters nodig het in hul lewe. Die padkaarttegniek is effektief benut om die terapie saam te vat en af te sluit met 'n leuse vir elke adolessent.

Die navorser het bevind dat wanneer adolessente 'n slagspreuk vir hulself ontwikkel in die laaste sessie, dit nog 'n wyse is waarop hul hulself kan bemagtig. 'n Wyse waarop hul vir hulself kan sê dat hul die innerlike sterkte ontwikkel het om krisisse te kan oorbrug.

## 5.4 AANBEVELINGS

### 5.4.1 Opleiding van gemeenskap

Die navorser sal aanbeveel dat adolessente wat die verlies van 'n egskeiding moet verwerk, gestaltspelterapie ontvang. Dit word aanbeveel dat die gemeenskap bewus gemaak moet word van die terapeutiese behoeftes van die adolessent in 'n egskeiding ten einde hul te verwys vir professionele hulp. Die adolessent kan toneel speel deur voor te gee dat hy goed aanpas, juis omdat hy reeds verskeie verdedigingsmeganismes kon aanleer.

### 5.4.2 Ouerbegeleiding

Dit is belangrik dat nie net die adolessent gestaltspelterapie ontvang nie, maar ook sy ouers. Baie energie word ingeploeg tydens die terapiesessies, maar ouers kan dit vernietig deur ontoepaslike optredes. Wanneer ouers emosioneel stabiel is, sal die adolessent die egskeiding nie so traumaties beleef nie. 'n Demokratiese ouerskapstyl

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



moet vir die ouers aangeleer word.

### 5.4.3 Bemagtiging

Die gestaltspelterapeut moet veral daarop let om deurlopend die adolessent innerlik te versterk, sodat hy die energievlakke het om gevoelens soos hartseer, verwerping en aggressie te kan hanteer.

### 5.4.4 Gestaltspelterapie tegnieke

Die navorser sal aanbeveel dat waar kinders in 'n gevorderde stadium van dwelmafhanklikheid is, die monstertegniek nie benut word vir selfonderhouding nie. Monsters word geteken wanneer hul hallusineer en dit is gevolglik onmoontlik om uit te kom by 'n kleiner deel van die self wat vertroetel kan word.

Die navorser kan aanbeveel dat wanneer die padkaarttegniek benut word, die adolessent homself teken as 'n motortjie wat ry op die pad. Die motortjie word ook 'n projeksie wat 'n duideliker beeld aan die terapeut gee oor hoe traumaties gebeure beleef is op hierdie padkaart. Die motortjie kan byvoorbeeld net 'n stampie hê of miskien 'n groot stamp met 'n gat in wat nie maklik herstel kan word nie of die motortjie kan op sy dak lê en hy kan glad nie vorentoe beweeg nie.

### 5.4.5 Toesig en beheer

'n Verdere aanbeveling van die navorser is dat waar toestande gunstig is die adolessente seun se pa toesig en beheer kry, omdat die adolessente seun graag wil identifiseer met manlike kenmerke van sy pa.

### 5.4.6 Toekomstige navorsing

Die navorser beveel aan dat kliënte wat gebruik is vir die praktiese eksaminering ter selfde tyd ook benut sal word as respondente in die emperiese ondersoek. Resultate van die navorsing word hierdeur verhoog aangesien die studieleier en die navorser tesame die respondente kan evalueer. Beplanning kan ook gedoen word vir verdere intervensies.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



'n Verdere aanbeveling is dat die mondelinge eksamen voltooi word voordat die skripsie ingedien word. Tydens die mondelinge eksamen gebeur dit dat die studieleier, eksterne eksaminator en navorser die studie weer bespreek. Dit kan ook die resultate van die navorsing verhoog aangesien leemtes en aanbevelings tydens die mondeling op die voorgrond kan tree.

Vir toekomstige navorsing kan die volgende hipotese getoets word: "Indien die adolessent betrokke in 'n egskeidingsituasie gestaltspelterapie ontvang sal hy gouer tot die aanvaarding van die egskeiding tydens sy rouproses kom."

## 5.5 SLOTOPMERKING

Die doel van die onderhawige studie was om te verken of gestaltspelterapie benut kan word met adolessente wat deur 'n rouproses beweeg na 'n egskeiding, sodat die adolessent die egskeiding kan aanvaar en nuwe aanpassings kan maak. Hierdie doel kon bereik word.

# BIBLIOGRAFIE


* Aronstam, M. 1989. Gestaltterapie. In Louw, D.A. (Red.) **Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag**. Southern Boekuitgewers.

* Axline, V.M. 1989. **Play therapy**. Melbourne and New York: Churchill Livingstone

* Brammer, L.M. & Shostrom, E.L. 1968. **Therapeutic Psychology: Fundamentals of Actualization Counselling and Psychotherapy**. New Jersey: Prentice Hall, Inc.

* Broderick, C.B. 1988. **Marriage and the family**. 3rd Ed. Englewood Cliffs: Prentice-Hall New Jersey.

* Carey, L. 1990. Sandplay therapy with troubled child. **The Arts Psychotherapy**, 17: 197-209.

* Coertzen, H. 1997. Baie skei in Vrystaat. **Bloemnuus**, 14 Mei:5.

* Collins, K.J. 1985. **Maatskaplike Werk Studiegids I vir MWNAVO-E (Maatskaplike-navorsing)**, Universiteit van Suid Afrika.

* Corey, G. 1990. **Theory and Practice of Group Counselling**. California: Brooks/Cole Publishing Company.

* Corey, G. 1991. **Theory and Practice of councelling Psychotherapy**. California: Brooks/Cole Publishing Company.

* Corey, G. 1995. **Theory and Practice of Group Counselling**. Fourth edition. California: Brooks/Cole Publishing Company.

* Erasmus, J. 1982. **Egskeiding: 'n Boek aan die kind**. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)




* Fausel, D.F. 1986. Loss after divorce, in **Journal of independent social work**, 1 (1), 39-47.

* Ferreira, S.B. 1993. **Maatskaplike werk met die weduwee tydens die rousmartproses**. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat.

* Forehand, R.; Long, N. & Brody, G. 1988. Divorce and Marital Conflict: Relationship to Adolescent Competence and Adjustment in Early Adoloscence. In Hetherington, E.M. & Arasteh, J.D. **Impact of Divorce, Single Parenting, and Stepparenting on Children**. New Jersey: Lawrence Erlbauam Associates, Publishers.

* Goldman, R.K. & King, M.J. 1985. Counseling Children of Divorce, in **School psychology review year**, 14(3), 280-290.

* Gouws, L.A.; Louw, D.A.; Meyer, W.F. & Plug, C. 1979. **Psigologiese woordeboek**. Johannesburg: McGraw-Hill Boekmaatskappy.

* Graver, C.M. & Morse, L.A. 1986. **Helping Children of divorce: A group leader's guide**. Springfield, Illinois, U.S.A.: Charles C. Thomas Publishers.

* Grinell, R.M.J.R. & Williams, M. 1990. **Research in social: A Primer**. Illinois: F.E. Peacock Publishers.

* Harris, B. 1992. **Hulpverlening aan die Senior primêre kind na die egskeiding van die ouers**. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling: Universiteit van Pretoria.

* Harman, R.L. 1989. **Gestalt Therapy with Groups, Couples, Sexually Dysfunctional Men, and Dreams**. Springfield: Charles C. Thomas Publisher.

* Havemann, E. & Lehtinen, M. 1986. **Marriages and families: New problems, new opportunities**. Englewood Cliffs: Prentize-Hall.

* Hetherington, E.M. 1979. Divorce: A child perspective, in **American Psychologist**, 34(10), 851-858.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)




* Hodges, W.F. 1986. **Interventions for children of divorce: Custody, access and psychotherapy**. New York, Chichester, Brisbane, Toronto, Singapore: A Wiley - interscience publication.

* Hofmeyr, L. 1996. **Maatskaplikewerk-navorsing. Studiegids vir Maatskaplike werk navorsing. Navorsingsontwerpe**. Pretoria. Universiteit van Pretoria: Departement Maatskaplike werk.

* Jennings, S. 1993. **Play therapy with children: A practitioner's guide**. USA: Blackwell Scientific Publications.

* Kaplan, M.E. 1986. **An orthopedagogic evaluation of the effect of divorce on indentity formation in adolescents**. Unpublished M.A.-thesis: University of Pretoria.

* Kloppers, W. 1994. Common reactions: children and divorce, in **SALUS**, 17(3), 1-23.

* Korb, M.P., Gorrell, J. & Van de Riet, V. 1989. **Gestalt therapy: Practice and theory**. New York: Pergamon Press.

* Kottman, T. & Schaefer, C. 1994. **Play Therapy in Action: A Casebook for Practitioner**. New Jersey: Jason Arson Inc.

* Lamanne, M.A. & Riedmann, A. 1985. **Marriages and families: making choices and facing change**. Belmont, Cal: Wadsworth.

* Landreth, G.L. 1991. **Play therapy - the art of relationships**. Muncie, Indiana: Accelerated Development Inc. Publishers.

* Louw, D.A. 1989. **Suid-Afrikaanse handboek van Abnormale Gedrag**. Kaapstad: Southern Boekuitgewers.

* Louw, D.A. 1990. **Menslike ontwikkeling**. Pretoria: Haum-Tersiêr.

* McMahon, L. 1992. **The handbook of play therapy**. London: Tavistock Routledge.

* Meyer, R.G. & Salman, P. 1983. **Abnormal Psychology**. London: Allyn & Bacon Incorporation.

* Miller, C. & Boe, J. 1990. Tears into diamonds: Transforamtion of child psychic trauma through sandplay and storytelling. **The Arts Psychotherapy**, 17: 247-259.

* Miller, D. 1983. **The age between: Adoloscence and Therapy**. Northvale: Jason Aronson Inc.

* Miller, T.W.; Veltkamp, L.J. & Janson, D. 1987. Projective measures in the clinical evaluation of sexually abused children. **Child Psychiatry and human development**, 18 (1): 47-57.

* Mitchell, A. 1985. **Children in the middle: Living through divorce**. Londen & New York: Tavistock Publications.

* Moustakas, C.E. 1959. **Psychotherapy with children - the living relationship**. New York, Evanston & London: Harper & Row Publishers.

* Nichols, W.C. 1984. Therapeutic Needs of Children in family system re-organization, in **Journal Divorce**, 7(4), 23-44.

* Oaklander, V. 1988. **Windows to our children: A Gestalt therapy approach to children and adolescents**. 2nd Ed. New York: The Gestalt Journal Press. Inc.

* Oaklander, V. 1994. From Meek to Bold: A Case Study of Gestalt Play Therapy. In Kottman, T. & Scheafer, C. (Editors) **Play Therapy in Action: A casebook for Practitioners**. Northdale: Jason Aronson Inc.

* Owen, C.G. 1978. **Gestaltterapie met 'n Psigotiese persoonlikheid**. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

* Papalia, D.E. & Olds, S.W. 1978. **Human Development**. New York, London, Sydney, Tokyo, Toronto, Johannesburg, St. Louis: McGraw-Hall Book Company.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)



* Passons, W.R. 1975. **Gestalt approaches in counselling.** New York: Holt, Rinehart and Winston.

* Phares, E.J. 1984. **Clinical Psychology: Concepts, methods and profession.** Illinois: The Dorsey Press.

* Potgieter, R.M. 1986. **Children of Divorce.** Unpublished M.A.-thesis: University of Port Elizabeth.

* Rayn, T. & Walker, R. 1993. **Life story work.** British agencies for adoption and fostering.

* Robinson, M. 1993. **Family Transformation through divorce and re-marriage: A systematic approach.** London and New York: Routledge.

* Saxton, L. 1990. 7th Ed. **The intimate environment: Exploring marriage and the family.** Belmont California: Wadsworth Publishing Company.

* Schoeman, J.P. 1995. **Spelterapie: Die onontbeerlike vaardighede in terapie met die kind.** Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria. (Handleiding vir kortkursus in spelterapie.)

* Schoeman, J.P. 1995. **Klasaantekeninge tydens kortkursus in spelterapie: Die onontbeerlike vaardighede in terapie met die kind.** Hoofgebou, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

* Schoeman, J.P. 1996. The art of the relationship with children - a Gestalt approach. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. **Entering the child's world: A Play therapy approach.** Pretoria: Kagiso Publishers.

* Schoeman, J.P. 1996. Sensory contact with the child. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. **Entering the child's world: A Play therapy approach.** Pretoria: Kagiso Publishers.

University of Pretoria etd – Groenewald, E M (2006)




* Van der Merwe, M. 1996. The use of play techniques when counselling young children in a divorce situation. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. **Entering the child's world: A Play therapy approach**. Pretoria: Kagiso Publishers.

* Van der Walt, N.I.B. 1985. **Die verband tussen angs, aanpassing, die verhoudingslewe en skoolprestasie van kliniekskoolleerlinge**. Ongepubliseerde M.A. verhandeling: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

* Van Eeden, C.J. 1983. **Die invloed van emosionele faktore en sosio-ekonomiese status op skoolprestasie**. M.A.-verhandeling: Universiteit van Pretoria.

* Van Rooyen, I.J.J. & Combrink, M.J. 1990. **Gevallewerk: 'n Integrerende Benadering**. Pretoria: Academica.

* Van Staden, S. 1987. **My huwelik het misluk: Riglyne om die situasie voor, tydens en na die egskeiding beter te hanteer**. Kaapstad: Owen Bargess Uitgewers.

* Van Wyk, G. & La Kock, A. 1988. **Egskeiding in Suid-Afrika**. Kaapstad: Timmins Uitgewers.

* Verskeur tussen my ouers. 1997. **Huisgenoot**, 1 Mei:7.

* Webb, N.B. 1991. **Play therapy with Children in Crisis: A casebook for practitioners**. New York: Gailford Press.

* Weinrib, E.L. 1983. **The sandplay therapy process - Images of the self**. Boston: Sigo Press.

* West, J. 1992. **Child-centered play therapy.** London: Edward Arnold.